

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Verskuns

Afrikaans eerste addisionele taal



Studiegids

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



INHOUD

GEDIG	DIGTER	Bl.
Rondom my	Dawie de Jager	2
Palimpses	Johann de Lange	15
Tien haikoes vir die Vredefortkoepel	Hans du Plessis	26
Huiskat	Elizabeth Eybers	40
Ek het 'n huisie by die see	H.A. Fagen	50
Boekmerk	Marlise Joubert	59
Pryslied	Antjie Krog	74
Die Boodskapper	Peter Snyders	85
Die nuwe kind	Pieter Strauss	97
By die robot in Eerstelaan	Marita van Aswegen	107



Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag sonder skriftelike verlof van die kopiereghouer of in ooreenstemming met die kopieregwet, 1978 (soos aangepas) gereproduseer word of gestoor word in 'n ontsluitingstelsel, of in enige vorm of deur enige elektroniese middel weergegee word nie, hetsy fotokopiëring, plaat- of bandopname. Enige persoon wat enige ongemagtigde optrede uitoefen in verband met hierdie publikasie mag onderhewig wees aan kriminele vervolging en siviele eise om skadevergoeding

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



Rondom my — Dawie de Jager

DIE TITEL - *THE TITLE*

Die titel, "Rondom my", verwys na die Ek-spreker wat aan sy geliefde sê dat hulle die verhouding stadig moet vat, maar dat sy naby hom moet wees.

The title "Rondom my" (Around me), refers to the narrator (first person speaker) who tells his loved one that they must take their relationship slowly, but she should please stay close to him.

DIE TEMA - *THE THEME*

Liefde - *Love*

STEMMING - *MOOD*

Ernstig - Serious

DIE BOU - *THE STRUCTURE*

UITERLIKE BOU - *EXTERNAL STRUCTURE:*

- Die gedig bestaan uit drie strofes.
  The poem consists of three stanzas.
- In die eerste strofe is daar ses versreëls.
  There are six lines in the first stanza.
- Die tweede en derde strofes bestaan elk uit sewe versreëls.
  The second and third stanzas consist of seven lines each.
- Dit is 'n vrye vers, want daar is nie 'n vaste rymskema nie, alhoewel daar rym voorkom.
  This is in free verse, as there is no set rhyming pattern. There is however, some rhyme.
- Die verslengtes verskil.
  The length of lines vary.
- In strofe 1, versreël 5 word van alleenplasing (een woord in 'n versreël) gebruik gemaak en in versreël 6 van twee woorde. Daardeur word die woord, die belangrike versreël en die betekenis beklemtoon.
  *In stanza 1, line 5 the poet uses just one word. In line 6 he uses only two words. This stresses the importance of **word**, **line** and **meaning**.*
- In die gedig word baie van enjambement gebruik gemaak om die ritme en tempo te versnel omdat dit eintlik as 'n lied geskryf is.
  Enjambment is used quite often to pick up the tempo. The poem is rhythmic, written as a song, and is therefore called a lyrical poem.
  - Die hele strofe 1 het geen leestekens nie.
    There is no punctuation in stanza 1.
  - In strofe 2 is daar enjambement in versreels 7, 8 en 10 en 11.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

In stanza 2 we find enjambment in lines 7, 8 and 10 and 11.
In strofe 3 is daar enjambement in versreëls 14 en 15, 16 tot 18.
There is enjambment once again in lines 14 and 15, 16 to 18.

- **Die herhaling en enjambement is eie aan die lied en beklemtoon belangrike gedagtes, maar is veral belangrik vir ritme en die vloei van die lied.**
  Repetition and enjambment are part of this lyric and emphasise important ideas. They also help the rhythm and the flow of the song.
- **Die herhaling loop dikwels uit op 'n refrein.**
  The repetition is part of the refrain.
- **Die gebruik van die ellips in die voorlaaste versreël is belangrik. Hy wil hê sy moet nadink.**
  The use of an ellipsis in the second last line is important. It gives the loved one time to consider the speaker's suggestion concerning their relationship.

INNERLIKE BOU – *INTERNAL STRUCTURE:*

- **Daar is progressie in die gedig.**
  There is progression in the poem.
  - **Eerste strofe: Die ek-spreker wil sy tyd neem in die verhouding, want hy is gewoonlik te haastig en tree verkeerd op.**
    First stanza: The poet hopes to take their relationship slowly. He usually rushes headlong into relationships and then finds himself regretting them.
  - **In die tweede strofe praat hy met sy geliefde. Hy wil haar leer ken, net soos sy is en sy moet haarself wees.**
    In the second stanza he speaks to his loved one. He wants to get to know her, and find out who she really is.
  - **In die derde strofe wil hy haar naby hom hê, maar hy gee haar die keuse, dwing haar nie.**
    In the third stanza he wants her to stay close by, near to him so that they can get to know each other, but she should make the choice, to do so or not, as he wouldn't force her.

WAT SÊ DIE GEDIG? – *WHAT DOES THE POEM SAY?*

STROFE 1 – STANZA 1

Rondom my	*Around me*
1 Ek wil my tyd vat hierdie keer 2 ek moet my tyd vat hierdie keer 3 want die haastigheid in my 4 het my al veels te veel keer 5 ondergekry 6 my ondergekry.	*1 I want to take my time this time* *2 I must take my time this time* *3 because the haste in me* *4 has already far too many times* *5 got me down* *6 got me down.*
• Dis 'n liefdesgedig, eintlik het die digter dit as 'n lied geskryf.	• *It is love poem, but the poet has written it as a song.*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

- Die ek-spreker **WIL** hierdie keer sy verhouding stadiger vat. (Direkte vertaling van 'take my time').
- Die woorde **"hierdie keer"**, sê vir ons dat hy voorheen verhoudings gehad het, maar dat dit misluk het as gevolg van sy haas / haastigheid.
- **In versreël 2** stel hy dit sterker deur die woord **"MOET"** te gebruik.
- Hy het dus nie 'n keuse nie; hy moet meer tyd vra.
- Let op die **herhaling** van **"my tyd vat hierdie keer"** wat beklemtoon hoe gedetermineerd hy is om dit stadig te vat.
- Hy gee die rede waarom hy dit stadiger moet vat. Sy verhoudings misluk, want een van sy karaktertrekke is om té haastig te wees.
- Hy is dus al meer as een keer -**"veels te veel keer"**- deur sy haastigheid benadeel.

- Kyk na die **tipografie** in versreël 5. Die woord, **"onderkry"** is alleen in die versreël - ons noem dit **alleenplasing**. Dit beklemtoon hoe seer hy gekry het wanneer 'n verhouding misluk het.
- In die volgende versreël, versreël 6, is daar 'n herhaling, maar nou is daar die verwysing na homself om die **"my onderkry"** te beklemtoon. Let op die **enjambement** wat die **haastigheid** in die strofe beklemtoon.


- *The narrator (first person), **WILL**, this time, take the relationship slowly.*

- *The words '**this time**' tell us that he has had relationships before, but that they have failed as he rushed into them too quickly.*
- ***In line 2** he emphasises this by using the word **"MOET" (MUST).***
- *He therefore has no choice but to ask for time.*
- *He also uses **repetition**, **"my tyd vat hierdie keer"** (take it slowly this time') to emphasise how determined he is.*
- *His reason for slowing down is that his relationships always fail because he rushes headlong into them.*

- *It's clear that he has more than once -**"veels te veel keer"** (too many times) been disappointed by rushing things.*
- ***Typography** in line 5: The word **"onderkry"** is the single word in that line. It emphasises his depression caused by the failure of his relationships.*
- *In the next line he makes sure we understand that it is **his** depression - **"my onderkry"**.*
  *Mark the **enjambment** in this stanza that emphasises his **haste**.*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



Woorde om te onthou:	Words to remember:
wil	want to
tyd vat/stadiger	take time
hierdie keer	this time
haastig/ te vinnig	hasty
verhoudings	relationships
misluk	fail
moet	must
geen keuse	no choice
herhaling	repetition
beklemtoon	emphasise
haastigheid	hurry/haste
karaktertrekke	characteristics
stadiger	slower
veels te veel	much too much
benadeel	disadvantage
ondergekry	depress
hulpeloos	hopeless/despondent
moedeloos	discouraged

STROFE 2 - STANZA 2

7 Ek wil my tyd vat hierdie keer	*7 I want to take it slowly this time*
8 ek moet my tyd vat hierdie keer.	*8 I must take it slowly this time.*
9 Ek sien die blou in jou deur die bietjie in jou oë.	*9 I see the blues (sadness) in your eyes.*
10 Ek weet daar is dinge wat jou ook nog pla	*10 I know there are things that still bother you*
11 dinge wat jou terughou.	*11 things that hold you back.*
12 Kom wys my wie jy is en wie jy graag wil wees.	*12 Come show me who you are and who you hope to be.*
13 Kom wees net jy, kom wees net jy.	*13 Come be just yourself, be just yourself.*
• **Versreël 1 in strofe 1 word nou weer in versreël 1 strofe twee herhaal.** Dit beklemtoon hoe ernstig hy is oor hierdie saak. Hy **WIL** stadiger gaan. Dit bind die twee strofes.	• ***Line I in stanza 1 is repeated in line 1 in stanza 2.*** *It emphasises how serious he is about this matter. He **WILL** take it slowly. This binds both stanzas.*
• **Weer eens word versreël 2 in strofe 2, beklemtoon deur die herhaling.** Hy wil rustig wees, want vroeër was hy te haastig en het verkeerd opgetree.	• ***Once again there is repetition of line 2, stanza 2, for emphasis.*** *He is being cautious, because he has previously been too hasty and messed things up.*
• Hy sien die **"blou"** (direkte vertaling	• *He sees the blues in her eyes. - (Blue*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

verwys na die *'blues'*- hartseer) in haar oë. Hy kan die hartseer/droefheid, onsekerheid en moedeloosheid in haar oë sien. Sy is ook ongelukkig. (Oë is die vensters van die siel).

- Hy besef dat dit nie net hy is wat seergekry het en wonder oor goed nie. Hy sien in haar oë dat sy ook so voel.

- Hy kan sien dat sy ook bang en onseker is en nie kan aangaan met haar lewe nie.
- Hy wil haar leer ken, meer van haar leer en verstaan. Hulle moet **mekaar** eintlik leer ken.
- Hier gebruik die ek-spreker weer **herhaling om te beklemtoon** hoe belangrik dit vir hom is dat sy net haarself moet wees en nie moet voorgee om iemand te wees wat sy nie is nie. Sy kan eerlik wees

is the colour of sadness, as in 'I have the blues'. He realises that she too is not ready to commit to a relationship. (Eyes are the windows to the soul).

- *He realises that he's not the only one who was hurt and has doubts. He can see in her eyes that she feels the same way.*
- *He can see that she's also afraid and unsure and can't move on.*
- *He wants them to learn more about **each other**.*

- *The speaker, first person narrator, has used repetition to emphasise how important it is to him that she should just be herself. She can be honest.*



Woorde om te onthou:	*Words to remember:*
stadig vat	*take it slowly*
rustig	*calm*
haastig	*in a hurry*
opgetree	*behaved*
blou	*blue*
hartseer	*heartache*
onsekerheid	*uncertainty*
moedeloosheid	*despondency*
ongelukkig	*unhappy*
besef	*realise*
seerkry	*hurt*
onseker	*unsure*
verstaan	*understand*
belangrik	*important*
eerlik	*honest*
voorgee	*pretend*

Downloaded from eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

STROFE 3 - STANZA 3

14 **As jy wil tyd vat hierdie keer** 15 **kom vat 'n rukkie hier by my** 16 **As jy tyd wil vat** 17 **kom wees hier rondom my** 18 **kom wees hier rondom my** 19 **net as jy wil . . .** 20 **net as jy wil.**	14 ***If you want to take time this time*** 15 ***come take a little time with me*** 16 ***If you want to take time*** 17 ***come and be with me*** 18 ***come and be with me*** 19 ***only if you want to . . .*** 20 ***only if you want to.***
• Sy kan dit ook stadig vat, maar dit is haar keuse. Hy dwing haar nie, want hy sê: **"net as jy wil"**. • Hy nooi haar, vra haar om tog saam met hom tyd deur te bring en om naby hom te bly. • Dis duidelik dat hy haar nie wil dwing of manipuleer nie. Versreël 14 word in versreël 16 gedeeltelik herhaal om te beklemtoon dat dit haar keuse is. • Sy kan haar tyd vat, maar nie ver van hom af nie. Sy moet naby hom bly. • Dit is sy begeerte dat sy naby hom moet wees, rondom hom, maar hy wil haar nie dwing/forseer nie. Sy moet self besluit. Dit lyk asof hy haar voorheen gedwing/ geforseer het en daarom elke keer die herhaling van **"as jy wil"** in versreëls 14, 19 en 20. Die ellips dien 'n sekere doel. Dit lyk asof hy haar tyd gee om na te dink of sy wil. • Hy herhaal weer die woorde: **"as jy wil"**. Dit word vier keer in die gedig herhaal: **Versreëls 14, 16, 19 en 20.** Dit word **beklemtoon** dat dit haar keuse is. Hy sluit die liriek dan af deur te beklemtoon dat dit haar keuse is.	• *'Take it slowly if you like,' he says, but adds that it's her choice. He doesn't want to force her. He says:* **"net as jy wil"**. • *He asks her to spend time with him and asks her to stay close to him.* • *Line 14 is partially repeated in line 16 to emphasise that the choice is hers.* • *She should take her time, –but not stay away from him.* • *It is his wish that she stay close to him, around him, but he doesn't want to force her.* **"as jy wil"** *in lines 14, 19 and 20. She should decide. The ellipsis is important. It looks as if he wants her to take her time to decide whether she wants to be with him or not. (ellipsis is the omission of a thought from a poem, but the poem is still understandable without that thought.)* • *He closes the poem by repeating that the choice is hers –* **"as jy wil"** *He says this four times in the stanza –* ***lines 14, 16, 19 and 20****. He ends the lyric by emphasising that it's her choice to be with him or not.*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



Woorde om te onthou:	Words to remember:
keuse	choice
dwing	force
nooi	invites
deurbring	spend
naby	close
as	if
duidelik	clear
manipuleer	manipulate
gedeeltelik	partly
tyd vat	take time
verloor	loose
rondom	close
herhaal	repeat
begeerte/wens	wish
ellips/weglatings-puntjies	ellipsis
na te dink/nadink	reflects
liriek	lyric

KORTLIKS WAAROOR DIE GEDIG GAAN - *A BRIEF OUTLINE OF THE POEM'S CONTENT*

- Dit is 'n liefdesgedig/liefdeslied.
  It is a love poem/love song.
- Die spreker praat met sy geliefde. Hy wil hulle verhouding stadig vat, want omdat hy altyd te haastig is, het sy verhoudings voorheen misluk.
  The speaker addresses his loved one. They should take their relationship slowly. He has rushed into previous love affairs, and they failed.
- Hierdie haastigheid en ongeduldigheid het veroorsaak dat hy al baie keer verkeerd opgetree het.
  Haste and impatience were the causes of his failed relationships.
- In die verhouding het hulle albei seergekry, maar nou wil hy hê dat hulle dit stadig moet vat.
  Both parties were hurt, and therefore he would rather be more careful this time.
- Hy sien in haar oë dat daar dinge is wat haar ook pla en hulle moet dit eers oplos, want anders kan hulle nie aangaan met hulle lewens nie.
  He sees in her eyes that there are things that bother her.
- Hy vra haar om vir hom te wys wie sy regtig is en wie sy graag wil wees. Sy moet net haarself wees.
  He asks her to show him who she really is and who she wants to be. She should

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

just be herself.

- **Sy kan haar tyd vat, maar hy vra haar om die tyd naby hom deur te bring. Hy gee haar egter 'n keuse.**
  She should take her time, but he asks her to spend the time close to him. That is her choice to make.
- **Hy dwing haar nie, maar dit is duidelik dat hy wil hê sy moet naby hom wees.**
  He doesn't force her, but it is clear he wants her to be close to him.

BEELDSPRAAK EN LITERÊRE TERME - *METAPHORICAL AND LITERARY TERMS*

		Voorbeelde - *Examples*
metafoor	*metaphor*	Twee sake word direk met mekaar vergelyk soos in 'n **vergelyking**, sonder die **soos**, **nes** of **net soos**. *A figure of speech comparing two unrelated objects that share a single common characteristic.* **Versreël 9: - *Line 9:* "Ek sien die blou in jou deur die bietjie in jou oë"** - blou is 'n **metafoor** vir droefheid of heimwee. *'I see the blue in your eyes . . .'blue' being a **metaphor** for sadness - the blues.*
herhaling	*repetition*	In die gedig is die funksie van **herhaling om te beklemtoon**, om die lied te laat vloei en vir ritme, want dit is eintlik 'n lied / liriek. *In this poem the function of repetition is for emphasis, allowing words to flow, as it is a song/lyric.* **Strofes 1 en 2, versreëls 1 en 2: -** ***Stanzas 1 and 2, lines 1 and 2:*** **"Ek wil my tyd vat hierdie keer"** **"Ek moet my tyd vat hierdie keer"** *'I want to take my time'* *'I must take my time'* **Strofe 3, versreëls 14 en 16: - *Stanza 3, lines 14 and 16:*** **"As jy wil tyd vat"** *'If you want to take time'* **Strofe 3, versreëls 17 en 18: -** ***Stanza 3, lines 17 and 18:*** **"Kom wees hier rondom my"** *'Come be here close to me'* **Strofe 3, versreëls 19 en 20: -** ***Stanza 3, lines 19 and 20:*** **"net as jy wil . . . "** *'just if you want . . .'*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

liriek	*lyrics*	Dis 'n **liriese gedig** m.a.w. dis 'n **Liriek**. Dit is 'n liefdeslied. *This is a lyrical poem, a lyric. It is a love song.* **Kenmerke van 'n liriese gedig:** • Hierdie gedig is geskryf as 'n lied, 'n liefdeslied. • Dit moet eintlik gesing word. • Daar is baie herhaling van sinne en woorde in die gedig. • Daar is dikwels 'n ek-spreker wat vir 'n gehoor vertel hoe hy/sy voel. • Dit is soms baie emosioneel. • Dit is baie klankryk met 'n spesifieke ritme en herhaling wat dikwels op 'n refrein uitloop. ***Characteristics of a lyrical poem:*** • *This poem is written as a song, a love song.* • *It must be sung.* • *There is a lot of repetition of sentences and words in this poem.* • *The speaker tells the reader how he feels.* • *It is emotional.* • *It is rich in sound with a specific rhythm and with repetition that ends in a refrain.* Omdat dit eintlik 'n liriese gedig is, word baie woorde en sinne wat dit 'n sekere ritme gee, herhaal. *Because it is a lyric, lines and words are repeated to give it a specific rhythm.*
vrye vers	*free verse*	Hoewel daar rym voorkom, het dit nie 'n vaste rympatroon nie; daarom is dit 'n **vrye vers**. *Although it rhymes, there is no specific rhyming pattern. As such, it's called free verse.*
Halfrym: assonansie	*assonance*	**Assonansie** is wanneer dieselfde klinker / vokaal kort na mekaar in 'n versreël herhaal word. *Assonance occurs when the same vowel in one line gets repeated at short intervals.* **Strofe 1, versreël 4: – *Stanza 1, line 4:*** 'het my al v**ee**ls te v**ee**l k**ee**r". *'has already too many times'* Die funksie van **assonansie** is om te beklemtoon en dis ook baie klankryk. *The function of **assonance** is to emphasise. It is also rich in sound.*
Halfrym: alliterasie	*alliteration*	**Alliterasie** is wanneer dieselfde konsonant kort na mekaar in 'n versreël herhaal word. ***Alliteration** occurs when the same consonant in one line gets repeated at short intervals.*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

		Strofe 2, versreël 12: - *Stanza 2, line 12:* "Kom wys my wie jy is en wie jy graag wil wees." *'Come show me who you are and who you are eager to be'* Dit beklemtoon gewoonlik sekere gevoelens en idees. *It usually emphasises certain feelings or ideas.*
binnerym	*internal rhyme*	**Strofe 2, versreël 6: - *Stanza 2, line 6:*** Woorde in die middel en aan die einde van 'n versreël rym. *Rhyming words in the middle and at the end of a line.*
ellips	*ellipsis*	Weggelate woorde word gewoonlik deur drie weglatingspunte voorgestel. Die funksie is om iemand te laat nadink oor iets en sodoende word dit beklemtoon. **Strofe 3, versreël 19: - *Stanza 3, line 19:*** **"net as jy wil . . ."** *Omitted words have been represented by three dots. The function of the ellipsis is to give pause for thought. In that way the thought is emphasised.*
enjambement	*enjambment*	Baie enjambement kom in die gedig voor omdat dit eintlik gesing moet word en die lied laat vloei. Een versreël loop oor na 'n volgende, sonder 'n leesteken. **Die hele eerste strofe: - *The whole first stanza:*** **Strofe 2, versreëls 7, 8 en 10 en 11: -** ***Stanza 2, lines 7, 8, 10 and 11:*** **Strofe 3, versreëls 14 en 15, 16-18: -** ***Stanza 3, lines 14 and 15, 16-18:*** *There is plenty of enjambment in this lyrical poem, as it aids the flow of words. One verse flows into the next without punctuation.*

KONTEKSTUELE VRAE

1.	Watter **TWEE** opeenvolgende woorde dui aan dat hy al voorheen te haastig was? _____	(1)
2.	In strofe 1 sien ons een van sy karaktertrekke. Haal **EEN** woord aan om die stelling te bewys. _____	(1)
3.	3.1 Het hierdie karaktertrek enige negatiewe effek vir hom gehad? Sê net **Ja** of **Nee**. _____ 3.2 Gee 'n voorbeeld om jou antwoord te bewys. _____	(1) (1)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4.	Wat beteken dit as iets jou onderkry?	(1)
5.	Hoe verskil versreëls 1 en 2 van mekaar en watter ooreenkoms is daar?	(2)
6.	Haal 'n versreël aan wat beteken dat hy dikwels moedverlore was.	(1)
7.	Watter soort spreker vind ons in die gedig?	(1)
8.	Watter versreëls is voorbeelde van herhaling en wat is die funksie daarvan?	(2)
9.	Watter vorm van halfrym kry ons in versreël 4?	(1)
10.	Watter funksie verrig dié tipe halfrym?	(1)
11.	Wat noem ons dit as 'n woord, versreël 5, alleen in 'n versreël geplaas word en wat is die funksie daarvan?	(2)
12.	**"Blou"** se betekenis in versreël 9 is **NIE**: • heimwee • blou oë • droefheid • hartseer • *'blues'* soos in Engels, nie.	(1)
13.	Haal **VIER** opeenvolgende woorde uit strofe 2 aan wat aandui dat iets haar ook onderkry.	(1)
14.	Waarvan, dink jy, hou dit haar terug?	(1)
15.	Die spreker wil haar verander. Verduidelik waarom die stelling **ONWAAR** is.	(2)

Downloaded from eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

16.	Kies **TWEE** moontlike antwoorde. Reëls 12 en 13 is 'n: • bevel • versoek • stelling • wens • uitnodiging _____ _____	(2)
17.	Wat is die hoofgedagte in strofe 3? Gebruik jou eie sin of sinne om die vraag te beantwoord. _____ _____	(2)
18.	Wat beteken die titel, **"Rondom my"**? _____	(1)
19.	Wat noem ons die drie weglatingspunte aan die einde van die voorlaaste versreël en wat is die funksie daarvan? _____ _____	(2)
20.	Wat sou jy daar kon invul? _____ _____ _____	(1)
21.	Die spreker is selfsugtig. Sê waarom jy nie saamstem nie deur ten minste **TWEE** redes te gee. _____ _____ _____	(2)
22.	Is die woord, **"blou"**, in strofe 2 konnotatief of denotatief gebruik? Verduidelik waarom jy so so sê deur albei opsies te gee. _____ _____ _____	(3)
23.	Ons het hier 'n _____ _____ omdat die gedig nie 'n vaste rympatroon het nie.	(1)
24.	Wat is die tema van die gedig? _____	(1)
25.	Gee ten minste **DRIE** redes waarom ons kan sê dat hierdie gedig 'n liriese gedig is. _____ _____ _____	(3)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

26.	Hoe gaan hy sekerheid oor die verhouding kry? _____ _____	(2)
27.	Gee 'n voorbeeld van enjambement en gee die funksie daarvan. _____ _____ _____ _____	(2)
28.	Is daar enige progressie in die gedig? Verduidelik. _____ _____ _____	(2)
29.	Haal 'n voorbeeld van binnerym aan. _____	(1)
30.	Van watter musiekgroep is die digter 'n lid? _____	(1)
31.	Wat gebruik die digter om sy gedig te laat vloei? _____	(1
32.	Verduidelik kortliks wat jy dink "**die haastigheid**" in hom was. _____ _____ _____	(3
		[50



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



Palimpses *Johann de Lange*

DIE TITEL - *THE TITLE*

Palimpses is 'n perkamentrol wat eeue gelede van die papirusriet gemaak is. Die perkamentrol is gebruik om op te skryf. Vorige skrif kon afgekrap en hergebruik word. In plaas van die perkamentrol, gebruik ons nou papier wat van die hout van bome gemaak word.

A palimpsest is a scrolled parchment made from papyrus-reed. Such scrolls were used as writing paper, and could be used over and over again, as writing could be scratched out and the parchment re-used. Today, instead of parchment, we use paper made from wood.

DIE TEMA - *THE THEME*

Dit handel oor vernietiging en herskepping. Bome word afgekap om in die mens se behoeftes te voorsien. Die hout word gebruik vir die maak van papier.

This poem is about the destruction of trees in order to produce paper (regeneration). Trees are chopped down to serve man's needs. Paper, as well as many other commodities, are made from wood.

STEMMING - *MOOD*

Ernstig - *Earnest*

DIE BOU - *THE STRUCTURE*

UITERLIKE BOU - *EXTERNAL STRUCTURE:*

- **Die gedig bestaan uit twee strofes.**
  The poem has two stanzas.
- **In die eerste strofe is daar agt versreëls.**
  The first stanza consists of eight lines.
- **Die tweede strofe bestaan uit ses versreëls.**
  The second stanza consists of six lines.
- **Die gedig herinner ons aan 'n sonnet, want dit bestaan uit 14 versreëls met 'n beeld en toepassing, maar die rymskema verskil.**
  The poem reminds us of a sonnet, but the rhyming pattern differs.
- **Daar is nie 'n vaste rympatroon nie, daarom is dit 'n vrye vers.**
  There is no set rhyming pattern as the poem is written in free verse.
- **Daar is binnerym, versreël 13, "en pyn <u>ring</u> op <u>ring</u>".**
  There is internal rhyme in line 13, 'and pain, ring after ring'.
- **Enjambement word gebruik om die tempo te versnel.**
  Enjambment is used to pick up the tempo.
- **Dit kom voor in strofe 1, versreëls 1-3, 4-7.**
  It is used in Stanza 1, lines 1-3, 4-7.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Strofe 2, versreëls 9-14: - *Stanza 2, lines 9-14:*

- **Die inversie / omgekeerde woordorde in versreël 8, Strofe 2, speel 'n belangrike rol. Die bome se stemme is stil, hulle is dood. Dit is 'n dramatiese oomblik en dit word beklemtoon.**
  "Stil is die bome;" i.p.v. Die bome is stil.
  The inversion in line 8, stanza 2, has an important role to play. The voices of the trees are silent, they are dead. It is a dramatic moment, and as so, is emphasised: 'Silent are the trees;' instead of the trees are silent.
- **Die "stil" word in die volgende strofe se eerste versreël herhaal en dit beklemtoon dit nog meer.**
  The word "stil" (silent), repeated in the next line of the next stanza emphasises that silence.
- **Die tipografiese wit, die wit skeiding tussen die strofes en die kommapunt aan die einde van versreël 8, beklemtoon die stilte:**
  "Stil, is die bome;
  stil, net tot hy kletterend" (Die tikmasjien)
  Typographically the white space between stanzas, and the semi-colon at the end of line 8 emphasise the silence:
  'Silent are the trees;
  ***silent**, just until he 'clattering' - (the sound of his typewriter).*
- **Die stilte en die kletterende tikmasjien is kontrasterende geluide.**
  Klanknabootsing/onomatopee - "kletterende".
  'silence' and *'clattering'* *create contrast.*
  Onomatopoeia - 'clattering'.
- **Let op die polisindeton in versreëls 6 en 7 wat die stappe in die proses beklemtoon:**
  "Meulens saag <u>en</u> maal
  <u>en</u> pulp <u>en</u> plet die hout."
  There is polysyndeton in Lines 6 and 7 that mimic the steps to be taken in the process of making paper out of wood:
  'Mills saw and grind
  and pulp and flatten wood.'

INNERLIKE BOU - *INTERNAL STRUCTURE:*

- **Daar is progressie in die gedig.**
  There is progression in the poem.
  - **Eerste strofe: Die spreker skryf oor die vernietiging van die bome in die natuur vir menslike behoeftes.**
    First stanza: The speaker writes about the destruction of the trees to serve the needs of man.
  - **Die bome word afgekap en hulle stemme word stil.**
    The trees are chopped down and their voices are silenced.
  - **Hy beskryf die proses.**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

He describes the process.

- **In die tweede strofe vind die herskepping plaas.**
  In the second stanza the making of paper from wood begins.
- **Die spreker, maar ook elke mens wat iets op papier skryf of teken, is deel van die herskeppingsproses.**
  The speaker, as well as anyone else who writes on, draws on, or uses paper for any other purpose whatsoever, is part of the process of axing down trees to make paper.
- **Die gedig is dus universeel.**
  The poem addresses a universal consciousness.
- **Die storie van die bome sal voortleef op die papier, die "grein" van die hout sal weer "dein", versprei / uitswel.**
  The story of the trees will live on, on paper. The story is imbued in the wood grain, and will ring out through time, (as do the rings in trees tell of the passage of time).

WAT SÊ DIE GEDIG? - *WHAT DOES THE POEM SAY?*

STROFE 1 - STANZA 1

Palimpses	***Palimsest***
1 **Bome skryf teen die blou** 2 **kreukellose lug dinge** 3 **wat niemand verstaan nie.** 4 **Houtkappers kom met byle** 5 **en vel die bome.** 6 **Meulens saag en maal** 7 **en pulp en plet die hout.** 8 **Stil is die bome;**	1 ***Trees write (words) against the blue*** 2 ***of a creaseless sky*** 3 ***that no one understands.*** 4 ***Loggers* arrive with axes** 5 ***and fell the trees.*** 6 ***Mills saw and grind*** 7 ***and pulp and flatten the wood.*** 8 ***Quiet are the trees;***
• Die bome wat skryf, is **personifikasie**. Die bome kry 'n menslike eienskap. • Hulle is silhoeëtte teen die blou lug. Miskien skryf hulle deur: Die ritseling van blare; die buigende takke in storms of sterk wind; kleurverandering in die verskillende seisoene; jaarringe wat vertel van hulle ouderdom. • Die lug is glad en skoon, wolkloos. • Niemand weet wat hulle skryf nie. • Reël 5 verwys na die vernietiging van die bome deur die mens vir hulle eie	• *Trees are **personified*** - **"Bome skryf".** • *They are silhouettes against a blue sky. Perhaps they write through: The rustle of leaves; the bowing of the branches in storms or strong wind; colour changes in different seasons; and growth rings.* • *The sky is blank and clear, cloudlesss.* • *Nobody understands what the trees write (against the sky).* • *Line 5 refers to the destruction of the trees by mankind for selfish needs. They*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

behoeftes. Hulle kap die bome met byle af.

- Versreëls 6 en 7 beskryf die proses van vernietiging. Dit word beklemtoon deur die halfrym - **Assonansie:** "Meulens s**aag** **en** m**aal**" en **Alliterasie:** "en **p**ulp en **p**let die hout".
  Die **polisindeton** (herhaling van voegwoorde, gewoonlik **"en"**) in versreëls 6 en 7 beklemtoon die verskillende stappe in die proses:
  "Meulens saag en maal
  en pulp en plet die hout."
- Die **inversie /omgekeerde woord-orde** in versreël 8, strofe 1, speel 'n belangrike rol. Die bome se stemme is stil, hulle is dood. Dit is 'n dramatiese oomblik en dit word beklemtoon.
  "Stil is die bome;" i.p.v. Die bome is stil.
- Ons moet dit eintlik saam met versreël 9 in strofe 2 lees.
- Die **tipografiese wit**, die wit skeiding tussen die strofes en die **kommapunt** aan die einde van versreël 8, beklemtoon die stilte:
  "**Stil**, is die bome;
  stil, net tot hy kletterend"
- Die woord, **"bome"** word in versreëls 1, 5 en 8 herhaal. Die strofe begin met die woord **"bome"** en eindig met die woord, **"bome"**. Dit bind dié strofe tot 'n eenheid.


axe trees down.

- *Lines 6 and 7 describe the destruction, and emphasise it through half-rhyme - **Assonance:** "Meulens s**aag** **en** m**aal**" and **Alliteration:** "en **p**ulp en **p**let die hout". The **polysyndeton** (repetition of conjunctions, usually **"en"**) in lines 6 en 7 emphasises the various steps in the process.*
  "Meulens s**aag** **en** m**aal**
  en pulp **en** plet die hout."
- *The **inversion** in line 8, stanza 1, plays a large role. The voices of the trees are silent. They are dead. It is a dramatic moment, and as such is emphasised.*
  ***'Silent are the trees;'** instead of*
  The trees are silent;
- *We should read the above in conjunction with line 9 in stanza 2.*
- *The white space between the stanzas and the semi-colon at the end of line 8, emphasise silence.*
  'Silent are the trees;
  'Silent, until he clatters' (away on his typewriter)
- *The word 'trees' is repeated in lines 1, 5 and 8. The stanza starts with the word 'trees' and ends with the word 'trees. This binds the poem, forming unity.*



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



Woorde om te onthou:	Words to remember:
kreukellose	*cloudless/blank in this context*
vernietiging	*destruction*
polisindeton	*polysyndeton*
beklemtoon	*emphasise*
saag, maal, plet	*saw, grind, flatten*

STROFE 2 - STANZA 2

9 stil, net tot hy kletterend	*9 silent, only till he clatters*
10 met sy tikmasjien	*10 (away on) his typewriter*
11 uit selfs die fynste grein	*11 from even the finest grain*
12 die hele gamma van woord	*12 comes the whole spectrum of words*
13 en pyn ring op ring	*13 and pain, (comes) circle upon circle*
14 deur hierdie oggend laat dein.	*14 spreading out across this morning.*

- Die stilte en die kletterende tikmasjien is kontrasterende geluide.
  Klanknabootsing/onomatopee: "kletterend".
  "Stil, net tot hy kletterend met sy tikmasjien"
- Die woord, **"stil"** (versreël 9) beklemtoon dat die bome nie meer kan "skryf" nie.
- **"Gamma"** (versreël 12) verwys na die derde letter in die Griekse alfabet, 'n alfabet waarmee woorde geskep word en gevoelens uitgedruk word.
- Die jaarringe hou verband met die **"gamma van woord"**. Die jaarringe dui op die mens se tyd op aarde en die **"pyn"** wat beide die mens en die bome ervaar.

- *Silence and the clattering of the typewriter are contrasting sounds.*
  ***Onomatopoeia:** clattering sounds.*
  "Stil, net tot hy kletterend met sy tikmasjien"
- *The word,* **"stil"** *(Line 9) emphasises that trees can no longer "write".*
- **"Gamma"** *(line 12) refers to the third letter in the Greek alphabet, an alphabet that creates words and expresses feelings.*
- *Rings in trees have relevance to* **"gamma van woord"**. *The yearly rings may be likened to man's years on earth and the 'pain' that both man and trees suffer.*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

- "**Gamma**" kan ook verwys na 'n tipe enkodering waarmee helderheid (byvoorbeeld in 'n foto) verkry kan word. Die spreker maak dus dinge "helder" vir die leser. Die bome moes afgekap word sodat die spreker hulle as papier kon gebruik. Dít wat die spreker dink die bome wou sê as hulle kon praat, word nou deur hom op papier gesê.
- Versreël 11 verwys na die "**grein**" van die hout wat nou papier is. Die "**grein**" van die hout herleef as woorde.
- Die gedig is universeel, want elkeen wat enigiets op papier skryf of teken, laat bome herleef.
- Die strofe gaan dus oor die herskepping.
- Kyk na die **binnerym** in versreël 13.
- Miskien is daar betekenis in die twee woorde, "**grein**" en "**dein**". Die bome se storie leef voort.
- Die herhaling van die "**ei-klank**" en ook die binnerym, "**grein**", "**pyn**" en "**dein**" en die eindrym, "**grein**" en "**dein**", bind die gedig tot 'n eenheid.

- "**Gamma**" *can also refer to a type of decoding that is able to enhance a photograph. Thus the speaker clarifies things for the reader. Trees must be axed and wood converted to paper in order for the speaker to use it. In this poem the speaker says what he thinks the trees would say if they could speak.*
- *Line 11 refers to the 'grain' of the wood that has been converted to paper. The grain of the wood re-lives as words on paper.*
- *The poem is universal, because anybody who writes or draws anything on paper allows trees to live again.*
- *This stanza is therefore about regeneration.*
- *In verse 13 we find* ***internal rhyme***
- *There might be a deeper meaning in the two words,* "**grein**" *and* "**dein**". *The trees die, but the story lives on.*
- *The repetition of the* "**ei-klank**" *and the internal rhyme,* "**grein**", "**pyn**" *and* "**dein**" *as well as the end rhyme* "**grein**" *and* "**dein**", *unifies the content.*



Woorde om te onthou:	*Words to remember:*
kletterend	*clattering*
kontrasterende	*contrasting*
verwys	*refers*
gamma	*spectrum*
grein	*grain*
dein	*swell*
herskepping	*recreation*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

KORTLIKS WAAROOR DIE GEDIG GAAN -
A BRIEF OUTLINE OF THE POEM'S CONTENT

- **Dit is 'n gedig oor vernietiging en herskepping.**
  This is a poem about destruction and regeneration.
- **In die eerste strofe beskryf die Derdepersoon-spreker die vernietiging van bome om in die mens se behoeftes te voorsien.**
  In the first stanza the speaker describes the destruction of trees to fulfil the needs of mankind.
- **Die bome word verpersoonlik, want hulle kan skryf. Hulle word egter afgekap, na meulens aangery en daar word die hout tot papier verwerk. In die proses word die bome stil.**
  Trees are personified as writers. But they are chopped down, transported to mills and made into paper. They are silenced in this process.
- **Die sestet bevat die toepassing. Die woord "stil", versreël 9, beklemtoon dat die bome nie meer kan skryf nie. Die digter herskep die bome se woorde deur sy gedig op papier, 'n produk van die bome, met sy tikmasjien te tik.**
  The sextet gives us the implementation. The word **"stil"** *in line 9, emphasises that trees no longer write. The speaker recreates their words by typing his poem on paper. Paper is a product of trees.*

BEELDSPRAAK EN LITERÊRE TERME -
METAPHORICAL AND LITERARY TERMS

		Voorbeelde - *Examples*
personifikasie	*personification*	Die bome wat skryf, is **personifikasie**, want die bome kry 'n menslike eienskap. **Strofe 1, versreël 1: - *Stanza 1, line 1:*** **"Bome skryf teen die blou"** ***'Trees write upon the blue' (sky)*** ***Personification*** *- Trees are able to write*
Halfrym: assonansie	*Half rhyme: assonance*	**Strofe 1, versreël 6: - *Stanza 1, line 6:*** **"Meulens saag en maal"** Die assonansie beklemtoon die proses. *Assonance emphasises the process.* ***'Mills saw and grind'***
Halfrym: alliterasie	*Half rhyme: alliteration*	**Strofe 1, Versreël 7: - *Stanza 1, line 7:*** "en pulp en plet die hout". Die alliterasie beklemtoon die proses. *Alliteration emphasises the process.* ***'and pulp and press the wood'***

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

polisindeton	*polysyndeton*	Dit is die herhaling van die voegwoord "en". Dit beklemtoon die verskillende stappe in die proses. *It is a repetition of the conjunction 'and', emphasising the various steps in the process of paper making.*
inversie/ omgekeerde woordorde	*inversion*	**Strofe 1, versreëls 6 en 7: -** ***Stanza 1, lines 6 and 7:*** **"Meulens saag en maal** **en pulp en plet die hout"** *'Mills saw and grind* *and pulp and flatten the wood'* As jy 'n woord wil beklemtoon vir effek, plaas dit in die eerste posisie. *If you wish to emphasise a certain word for effect, place it at the beginning of a sentence.* **Strofe 1, versreël 8: - *Stanza 1, line 8:*** Die bome se stemme is stil, hulle is dood. Dit is 'n dramatiese oomblik en dit word beklemtoon deur met die woord, **"stil"** te begin. **"Stil is die bome;" i.p.v. Die bome is stil.** *The voices of the trees are silent, they are dead. It is a dramatic moment and as such, is emphasised.* *'Silent are the trees;' instead of The trees are silent.* **Strofe 1, versreël 8, moet eintlik saam met Strofe 2, versreël 1, gelees word.** ***Stanza 1, line 8 must be read with stanza 2, line 9.***
tipografie	*typography*	Die **tipografiese wit**, d.w.s. die wit skeiding tussen die strofes en die kommapunt aan die einde van versreël 8 en die herhaling van **"stil"** beklemtoon die stilte: "**Stil** is die bome; **stil**, net tot hy kletterend" *The typographical white space between the stanzas and the semi-colon at the end of line 8, plus the repetition of 'silent', emphasise that silence.* *'**Silent** are the trees;* *silent, only till he clattering' (at his typewriter)*
klanknabootsing	*onomatopoeia*	**Strofe 2, versreëls 9 en 10: -**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

		Stanza 2, lines 9 and 10: **Klanknabootsing / onomatopee: -** ***Onomatopoeia / clattering sounds:*** **"kletterende".** **"stil, net tot hy kletterend** **met sy tikmasjien"** ***' still, only till he clattering*** ***with his typewriter'*** Die stilte en die kletterende tikmasjien is kontrasterende geluide. *The silence and the clattering typewriter are in contrast.*
vrye vers	*free verse*	Daar is geen vaste rympatroon nie. *There is no set rhyming pattern.*
binnerym	*internal rhyme*	**"en pyn ring op ring"**
enjambement	*enjambment*	**Strofe 1, versreëls 1-3; 4-5; 6-7:** **Strofe 2, versreëls 8-14: -** ***Stanza 1, lines 1-3; 4-5; 6-7:*** ***Stanza 2, lines 8-14: -*** Die versreëls vloei inmekaar, sonder leestekens. Dit versnel die tempo. *Lines flow into each other without punctuation. This increases the tempo.*

KONTEKSTUELE VRAE

1.	1.1 Wat beteken die titel? _____ 1.2 Hoe pas hierdie titel in die gedig? Bespreek. _____ _____ _____	(1) (1)
2.	2.1 Wanneer, dink jy, is die lug **NIE kreukelloos** nie? _____ 2.2 Is dit konnotatief of denotatief gebruik? _____ 2.3 Verduidelik jou antwoord. _____ _____ _____	(1) (1) (1)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3.	Hoe, dink jy, kan bome skryf? Gee ten minste **DRIE** maniere. Gebruik jou verbeelding.	(3)
4.	Waarna verwys **"die blou"** in die eerste strofe?	(1)
5.	Waarna verwys **"pyn ring op ring"** moontlik ook?	(2)
6.	Hoe vernietig die mens die bome?	(1)
7.	Watter soort spreker vind ons in die gedig?	(1)
8.	8.1 Wat is die tema van hierdie gedig? 8.2 Verduidelik jou antwoord.	(1) (2)
9.	Wat beteken **"gamma"**?	(1)
10.	Gee 'n voorbeeld van kontras of teenstelling in die gedig.	(1)
11.	Waardeur word die woord, **"stil"** in versreël 8 beklemtoon? Gee twee maniere.	(2)
12.	Pas die beeldspraak of stylfigure in **KOLOM B** by **KOLOM A**.	(4)

A	B
1 Klanknabootsing	A. **"Meulens saag en maal"**
2 Alliterasie	B. **"en pulp en plet die hout"**
3 Personifikasie	C. **"Stil, net tot hy kletterend"**
4 Assonansie	D. **"Bome skryf teen die blou"**

1 = _____; 2 = _____; 3 = _____; 4 = _____.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

13.	Wie is verantwoordelik vir die vernietiging? _____	(1)
14.	14.1 Wat noem ons die herhaling van voegwoorde in versreëls? _____ 14.2 Haal die versreëls aan. _____ _____ 14.3 Wat is die funksie daarvan in die gedig? _____ _____	(1) (1) (1)
15.	Waarna verwys **"ring op ring"**? Daar kan twee betekenisse wees. Dink aan bou en water. _____ _____	(2)
16.	Waaroor, dink jy, gaan die gedig wat die digter op sy tikmasjien tik? _____ _____	(2)
17.	Wat is die funksie van enjambement? _____ _____	(2)
18.	Gee 'n voorbeeld van binnerym uit die gedig. _____	(1)
19.	Watter soort vers is dit as daar nie 'n vaste rymskema is nie? _____	(2)
20.	20.1 Gaan dit net oor die skryfproses in die gedig? Motiveer jou antwoord. Sê net: **JA of NEE** _____ 20.2 Gee 'n rede vir jou antwoord. _____ _____	(1) (2)
21.	Waarom kan ons die gedig 'n moderne Engelse sonnet noem? _____ _____ _____	(3)
22.	Noem die **VYF** prosesse waardeur die hout gaan. _____ _____	(5)
23.	Wat is die verband tussen **"grein"** en **"dein"**? _____ _____	(2)
		[50]

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Tien haikoes vir die Vredefortkoepel



Hans du Plessis

DIE TITEL - *THE TITLE*

Die titel verwys na die 10 haikoes waaruit die gedig bestaan. 'n Haikoe is oorspronklik 'n liriese Japannese digvorm. Dit is 'n rymlose vers wat uit drie versreëls en sewentien lettergrepe bestaan. Elke haikoe het sy eie titel wat vir ons vertel watter aspek in elke haikoe behandel word.
Die Vredefortkoepel in die Noord-Vrystaat is die grootste impakkrater op aarde.
The title refers to ten haikus, each one a poem in itself, describing the events and aftermath of the meteorite that landed on earth billions of years ago. Haiku is a Japanese style of poetry, does not rhyme, and consists of three lines and seventeen syllables. Each haiku has a title that refers to its content.
The Vredefort crater in the Northern Free State is the biggest crater on earth.

DIE TEMA - *THE THEME*

Die natuur en die mens se impak op die natuur - *Nature and man's impact on it*

STEMMING - *MOOD*

Beheersde stemming - *Composed mood*

DIE BOU - *THE STRUCTURE*

UITERLIKE BOU - *EXTERNAL STRUCTURE:*

- Die gedig bestaan uit tien strofes.
  The poem consists of ten stanzas.
- Elke strofe staan bekend as 'n haikoe.
  Each stanza is known as a haiku.
- Die haikoe het 'n baie spesifieke vorm.
  A haiku has a very specific structure.
- Dit bestaan uit drie versreëls en 17 lettergrepe.
  It consists of three lines and 17 syllables.
- Versreël 1 het altyd vyf lettergrepe.
  Line 1 is always composed of five syllables.
- Versreël 2 het sewe lettergrepe.
  Line 2 has seven syllables.
- Versreël 3 het vyf lettergrepe.
  Line 3 has five syllables.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

INNERLIKE BOU – *INTERNAL STRUCTURE:*

- **Die spreker vertel hoe die Vredefortkoepel ontstaan het.**
  The speaker tells us how the **Vredefort dome** *originated.*
- **Dit word vergelyk met die skeppingsverhaal in die Bybel.**
  It may be compared to the Bible's creation story.
- **In die Bybel is die mens op die sesde dag geskape en die sesde haikoe se titel is "Mens".**
  According to the Bible, man was created on the sixth day. The sixth haiku's title is **"Mens"**.
- **Haikoes sewe tot nege vertel watter invloed die mens op die skepping het.**
  Haikus seven to nine discuss man's influence on the earth.
- **Haikoe tien is 'n voorspelling van wat sal gebeur nadat die mens nie meer op aarde is nie.**
  Haiku ten is a prediction of events once man no longer lives on earth.

WAT SÊ DIE GEDIG? – *WHAT DOES THE POEM SAY?*

Strofe 1 – Stanza 1

Meteoriet	***Meteorite***
1 **Deur die donker klief** 2 **'n klipvuis en klap lewe** 3 **uit die aarde uit.**	1 ***Through darkness cleaves*** 2 ***a fist of stone and punches life*** 3 ***out of the earth.***
• Haikoe 1 vertel hoe die Vredefort-koepel ontstaan het. • 'n Meteoriet het op die aarde geval. • Die meteoriet het alle lewe **"uit die aarde"** geklap. • **"klap lewe uit die aarde uit"** is 'n voorbeeld van **woordspeling**. Dit verwys na die letterlike vernietiging van die aarde asook na die begin van nuwe lewe as gevolg van die vernietiging. • "**kl**ief 'n **kl**ipvuis en **kl**ap" is 'n voorbeeld van **alliterasie**. Die harde **kl**-klank boots die val van die meteoriet na. • Daar is geen rym in hierdie haikoe nie, maar die alliterasie skep eenheid in die strofe.	• *Haiku 1 tells of the origin of the Vredefort dome.* • *A meteorite fell down to earth.* • *The meteorite punched life out of the earth –* **"klap lewe uit die aarde uit"**. • *This is an example of a* **pun**. *It refers to both the destruction of the earth, as well as to the new life which was brought about by that destruction.* • "**kl**ief 'n **kl**ipvuis en **kl**ap" *is an example of* ***alliteration***. *The loud* **kl**-*sound emulates the fall of the meteorite.* • *The haiku doesn't rhyme, but alliteration gives unity to the stanza.*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com




Woorde om onthou:	Words to remember:
klipvuis	a fist of rock
klap	punches
lewe	life

Strofe 2 - Stanza 2

Wind	Wind
1 'n Asem jaag oor 2 yslike nagte en vee 3 ons winternis weg.	1 *A breath blows over* 2 *cold and icy nights and sweeps* 3 *away our winter.*
• Haikoe 2 verwys na die skepping van dag en nag. • Die asem is die wind soos in die titel aangedui. • **"yslike nagte"** is 'n metafoor. Dit verwys na die stof wat die son weggekeer het sodat dit nie net permanent pikdonker was nie, maar ook yskoud. • **"winternis"** beteken dit is soos winter. • Dit kan na die tweede dag van die skepping verwys. Lig en duisternis word geskep en dit jaag die **"winternis weg"**. • **"winternis weg"** is 'n voorbeeld van **alliterasie** in haikoe 2.	• *Haiku 2 refers to the creation of day and night.* • *The* **"asem"** *(breath) is the wind in the title.* • **"yslike nagte"** *(icy nights) is a metaphor referring to the dust that blocked out the sun when the meteorite fell, making it permanently dark and icy cold.* • **"winternis"** *means it is like winter.* • *It could refer to the second day of the creation. Light and dark were created and chased away the winter.* • **"winternis weg"** *is an example of* ***alliteration*** *in haiku 2.*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com




Woorde om te onthou:	Words to remember:
asem	breath
jaag	chases
yslike	icy

Strofe 3 - Stanza 3

Water	Water
1 Jy maak so silwer 2 sonder droë woorde sin 3 wat my skoon verstom.	1 *You make so silver (clear)* 2 *without empty words* 3 *that completely confuse me.*
• Haikoe 3 vertel van die water. • **Woordspeling** van die woord **"skoon"**. Die water verstom die spreker **"skoon"**. Dit beteken die spreker is heeltemal verstom, maar die skoon verwys ook na water wat helderheid kan gee en kan skoonmaak. • **"sonder droë woorde sin"** dui daarop dat die water meer sinvol is as die persoon wat woorde gebruik om homself/haarself uit te druk. • "so silwer/sonder droë woorde sin" is 'n voorbeeld van **alliterasie** in haikoe 3. • Die **s**-klanke laat 'n mens dink aan water wat vloei.	• *Haiku 3 talks about water.* • *A play on the word* **"skoon"** *(clear). The poet is* **"skoon verstom"** *completely confused. The poem suggests that water is clarifying and cleansing.* • **"sonder droë woorde sin"** *(without empty words). Water makes things clear, more so than* **"droë"** *(dry) empty words.* • "so silwer/sonder droë woorde sin" - *an example of* ***alliteration*** *in haiku 3.* • *The* ***s****-sound recalls the sound of flowing water.*

Downloaded from eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com



Woorde om te onthou:	Words to remember:
droë woorde verstom	empty words speechless

Strofe 4 - Stanza 4

Grond	Ground
1 Vang reën en son in 2 die bakhand van jou lyf waar 3 lewe kliphart klop.	1 *Catch rain and sun in* 2 *the cupped hand of your body where* 3 *Life's rhythm beats.*
• Haikoe 4 praat oor die aarde. • Die metafoor skep 'n beeld van die holte wat die meteoriet in die grond gelaat het. • Die woord **"bakhand"** is metafories vir die holte. Dit is ook personifikasie omdat die aarde die **"lyf"** en die holte die **"bakhand"** word. • **"kliphart"** is woordspeling. Gewoonlik spel ons dit **"kliphard"**, maar omdat dit met 'n **"t"** eindig, kry dit die betekenis van 'n hart. Die hart gee lewe. Die koepel is dus letterlik die hart van Vredefort. • In haikoe 4 is dus die eerste teken van lewe na die vernietiging in haikoe 1.	• *Haiku 4 is about the earth.* • *The metaphor creates a picture of the hollow that was left on earth by the meteorite.* • *The word* **"bakhand"** *(cupped hand) is a metaphor for hollow. It also personifies he cratered tearth.* • **"kliphart"** *is a pun. Usually we spell it* "kliphard", *but because it ends with a 't' it also refers to 'the heart', the beat of life. The dome is literally the heart of Vredefort.* • *In haiku 4 we find the first sign of the regeneration of life since its destruction in haiku 1.*




Woorde om te onthou:	Words to remember:
bakhand lyf kliphart	cupped hand body stone heart

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Strofe 5 - Stanza 5

Boom	Tree
1 Veerlig dwarrel herfs 2 van kil takke los en broei 3 nog 'n lente uit.	1 *Feather light autumn whirlwinds* 2 *loosening winter's cold grip bringing* 3 *yet another spring.*
• Die boom word as teken van lewe beskou. • Daar is nou nie meer net wind, water en grond nie, maar die boom is 'n teken van lewe uit die aarde. • Daar is 'n speelsheid aan haikoe 5. • Al is dit herfs, weet ons dat dit weer tot lente lei. • Die takke is **"kil"** is 'n voorbeelde van personifikasie, want 'n mens is **"kil"** (koud).	• *The tree is a sign of life.* • *Now there is not only wind, water and earth, but the tree is a sign of life from the earth.* • *There is playfulness in haiku 5.* • *Although it is autumn, we know that it will lead to spring again.* • *The branches are* **"kil"**, *an example of personification. A person is said to be* **"kil"** *(cold).*



Woorde om te onthou:	Words to remember:
herfs	*autumn*
kil	*cold*
lente	*spring*

Strofe 6 - Stanza 6

Mens	Man
1 Toe staan stof uit stof 2 en oorheers die aarde op 3 grond van sy bestaan.	1 *Then came dust from dust* 2 *and ruled over the earth* 3 *through its existence.*
• Die mens is op die sesde dag gemaak volgens die Bybel. • **"stof uit stof"** verwys na die koms van die mens. • Dit is ironies dat die mens wat uit stof gemaak is, oor die aarde wat ook uit stof is, heers. • Die mens is eintlik gelyk aan die	• *Humans were created on the sixth day according to the Bible.* • **'stof uit stof'** *(dust from dust) - the arrival of mankind.* • *It is ironic that man, made of dust takes charge of earth, also made of dust.* • *Man is part of the earth, yet rules*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

grond, maar speel nou baas oor die grond. • By 'n begrafnis word die woorde **"stof tot stof"** gebruik. Dit is dalk reeds 'n verwysing na die voorspelling in haikoe 10.	*over it.* • *At a funeral the words* **"stof tot stof"** *(dust to dust) are uttered. This is a precursor to the prediction in haiku 10.*

Strofe 7 - Stanza 7


Wêrelderfenis	World heritage
1 **En ons koepel skeur** 2 **al langs perforasies van** 3 **mens-dom middeldeur**	1 ***And our dome tears*** 2 ***along the perforations of*** 3 ***man's humanity***
• **"Wêrelderfenis"** verwys na die feit dat die Vredefortkoepel 'n wêreld-erfenisterrein is. • Dit is dus 'n belangrike plek, maar die mens is besig om dit te vernietig. • Die **"ons"** dui daarop dat die koepel aan alle mense behoort. • Die woord "mens-dom" is woordspeling. Die korrekte spelling is mensdom. Die koppelteken beklemtoon die feit dat die vernietigende mens, dom is. • **Alliterasie** kom voor in "mens-dom middeldeur"	• *The Vredefort crater is known as a world heritage site.* • *Although it's an important place, man is busy destroying it.* • *The* **"ons"** *(our) means that the dome belongs to everybody.* • *The word* **"mens-dom"** *is a pun. The correct spelling is* **"mensdom"**. *The hyphen points to the stupidity of man's destructive behaviour.* • *Alliteration is seen in* "mens-dom middeldeur".

Strofe 8 - Stanza 8

Besoedeling	Pollution
1 **Nou moet dier en duif** 2 **hees van die rook en roet vir** 3 **byl en treksaag boet.**	1 ***Now animal and dove must*** 2 ***choke from smoke and soot*** 3 ***and thus pay for axe and hand saw. - man's tools of destruction)***
• Die titel **"Besoedeling"**, dui op die gevolg van die mens se domheid. • Die diere ly onder die mens se dade. • Die mens het die omgewing vernietig deur **"byl en treksaag"** te gebruik. • **Alliterasie** kom voor in "dier en duif", "rook en roet" en "byl en treksaag boet"	• *Pollution is one of the consequences of man's stupidity.* • *Animals suffer.* • *Man has destroyed the earth with 'axe and hand saw'.* • *Alliteration is seen in* "dier en duif", "rook en roet" *and* "byl en treksaag boet"

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com




Woorde om te onthou:	Words to remember:
byl en treksaag	*axe and hand saw*

Strofe 9 - Stanza 9

Dankgebed	*Thank you prayer*
1 Heer, ons paaie lê 2 uitgeteer oor brûe met 3 water onderdeur.	*1 Lord, our roads are* *2 tarred across bridges with* *3 water running below.*
• Haikoe 9 is 'n gebed. • In die gebed word daar met God gepraat. • Die woord **"paaie"** kry 'n letterlike asook figuurlike betekenis. • Die mens se invloed op die natuur word weergegee deur die teerpaaie en brûe wat verwys na onnatuurlike dinge wat deur die mens gebou is. • Dit kontrasteer met die natuur **"water onder deur"**. Ten spyte van die brûe loop die water steeds onderdeur. (Dalk beteken vloeiende water dat daar nog hoop vir die natuur is om gered te word.) • **"uitgeteer"** is 'n voorbeeld van woordspeling. • Op letterlike vlak verwys **"uitgeteer"** na die paaie wat geteer is. • Op 'n figuurlike vlak kan ons sê dat die mens **"uitgeteer"** is, m.a.w. die mens is geestelik verhonger.	• *Haiku 9 is a prayer.* • *In the prayer God is being addressed.* • *The word,* **"paaie"** *(roads) has a literal as well as a figurative meaning.* • *Mans' influence on nature – tarred roads, bridges etc. – are among the unnatural edifices that encroach on nature.* • *Yet,* (**"water onder deur"**) water still continues to flow beneath (the bridges). *(Perhaps flowing water means that there is still hope for nature's recovery.)* • **"uitgeteer"** *- an example of a pun.* • *On a literal level* **"uitgeteer"** *refers to tarred roads* • *On a figurative level we can say that man is* **"uitgeteer"** *meaning that man is spiritually starved.*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com




Woorde om te onthou:	Words to remember:
paaie uitgeteer brûe	roads tarred or starved bridges

Strofe 10 - Stanza 10

Tien	Ten
1 Vuis van swael en vuur 2 gaan duskant ons Groot Ekskuus 3 weer kom asem haal.	1 *The fist of fire and brimstone* 2 *will, in spite of our Great Excuse* 3 *take breath again.* *(Fire and brimstone will come down, yet will once again give the earth life.)*
• Haikoe Tien maak 'n voorspelling oor die mens se toekoms op grond van sy optrede. • **"Vuis van swael en vuur"** verwys na God se ingryping op aarde. • In die Bybel is Sodom en Gomorra deur swael en vuur vernietig. • Die spreker voorspel en impliseer dat dit weer kan gebeur omdat die mens teen die aarde gesondig het. • "Vuis van swael en vuur" is 'n voorbeeld van **alliterasie**. • Haikoe tien sluit aan by haikoe een wat oor die meteoriet handel en sodoende word die sirkelgang van die gedig voltooi. • Toe die meteoriet die aarde getref het, is alle lewe op aarde vernietig, maar dit was ook die begin van nuwe lewe. Net so word in haikoe tien geïmpliseer dat wanneer die mens dood is, sal daar weer nuwe lewe begin.	• *Haiku 10 predicts that mans' future hangs in the balance, because of his behaviour.* • **"Vuis van swael en vuur"** *(Fist of fire and brimstone) may refer to God's intervention on earth.* • *In the Bible Sodom and Gomorra were destroyed by fire and brimstone.* • *The speaker predicts and implies fire and brimstone will happen again, since man has devastated the earth.* • "Vuis van swael en vuur" *is an example of* ***alliteration***. • *Haiku ten reminds us of haiku one in which the meteorite is described. This completes the circular nature of the poem.* • *When the meteorite hit the earth it destroyed everything, but it was also the beginning of new life. In the same way the poet implies in the last stanza that once man dies, life will be regenerated.*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



Woorde om te onthou:	Words to remember:
swael en vuur	*fire and brimstone*

KORTLIKS WAAROOR DIE GEDIG GAAN – *A BRIEF OUTLINE OF THE POEM'S CONTENT*

- **Die titel dui alreeds daarop dat die gedig uit 10 haikoes bestaan.**
  The title tells us that the poem consists of 10 haikus.
- **Elke haikoe het sy eie opskrif of titel wat aandui wat die inhoud behels.**
  Every haiku has a title indicating its content.
- **Die gedig vertel die storie van die ontstaan van die Vredefortkoepel.**
  The poem tells the story of the origin of the Vredefort dome.
- **Elke haikoe verteenwoordig 'n episode in die skep en vernietiging van die wêrelderfenisgebied.**
  Each haiku represents a stage in the creation and destruction of this world heritage sight.
- **Daar word in die gedig verwys na die skeppingsverhaal in die Bybel en sekere ooreenkomste is te sien.**
  In the poem reference is made to the creation story from the Bible, and certain similarities may be noted.
- **Die gedig volg 'n sirkelgang en aan die einde sê die spreker dat wanneer die mens dood is, sal daar weer nuwe lewe kan begin.**
  The poem follows a cycle and at the end the speaker tells us that once man has gone, life will be renewed.

BEELDSPRAAK EN LITERÊRE TERME – *METAPHORICAL LANGUAGE AND LITERARY TERMS*

		Voorbeelde - *Examples*
alliterasie	*alliteration*	Dieselfde konsonant word kort na mekaar in dieselfde versreël herhaal. *The same consonant in one line is repeated at short*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

		intervals. **Versreëls 1 en 2: - *Lines 1 and 2:*** "klief 'n klipvuis en klap" Die kl-klank boots die val van die meteoriet na. *The kl-sound imitates the sound of a falling meteorite.* **Haikoe 2: - *Haiku 2:*** "winternis weg" **Haikoe 3: - *Haiku 3:*** "so silwer/sonder droë woorde sin" Die s-klank herinner ons aan die water wat vloei. *The s-sound reminds us of flowing water.* **Haikoe 7: - *Haiku 7:*** "mens-dom middeldeur" **Haikoe 8: - *Haiku 8:*** "dier en duif" "rook en roet" en "byl en treksaag boet". **Haikoe 10: - *Haiku 10:*** " Vuis van swael en vuur"
personifikasie	*personification*	Menslike eienskappe word aan lewelose dinge gegee. *Human characteristics are given to inanimate objects.* **Haikoe 4, "Grond": - *Haiku 4, 'Ground':*** **"die bakhand van jou lyf"**
metafoor	*metaphor*	Die beeld word direk gebruik en die woord **"soos"** verskyn nie soos by 'n vergelyking nie. *The image is given directly and the word **"soos"** does not appear as in a simile.* **Haikoe 4, "Grond": - *Haiku 4, 'Ground':*** **"die bakhand van jou lyf"** Die metafoor sê dat die holte **"bakhand"** is. *The metaphor implies that the hollow is* **"bakhand".**
woordspeling	*pun*	'n Woord word op so 'n manier gebruik dat dit meer as een betekenis het. *A word is used in such a manner that it has more than one meaning.* **Haikoe 1, "Meteoriet": - *Haiku 1, 'Meteorite':*** **"uit die aarde uit"** Dit verwys nie net na die letterlike vernietiging van lewe op aarde nie, maar ook na die begin van nuwe lewe as gevolg van die vernietiging. *It doesn't refer only to the literal destruction of life on earth, but also to the beginning of new life as a result of the destruction.* **Haikoe 2, "Wind": - *Haiku 2, 'Wind':*** **"yslike nagte"** kan beteken dat die nagte baie koud is, maar

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

		dit kan ook impliseer dat die nagte eindeloos is. **"yslike nagte"** *can mean that nights are very cold, but it can also imply that the nights are interminable.* **Haikoe 4, "Grond":** - ***Haiku 4, 'Ground':*** **"kliphart"** het die betekenis van **"hart"** en **"hard"**. **"kliphart"** *has two meanings - 'heart' and 'hard'.* **Haikoe 9, "Dankgebed":** - ***Haiku 9, 'Prayer of thanks':*** **"uitgeteer":** Die paaie is geteer, maar die mens is geestelik **"uitgeteer"** *The roads are tarred, but mankind is spiritually* **"uitgeteer"** *(famished).*
ironie	*irony*	Die teenoorgestelde betekenis word bedoel of geïmpliseer. *The opposite meaning is meant or implied.* **Haikoe 6, "Mens":** - ***Haiku 6, 'Man':*** Die mens is uit **"stof"** gemaak, maar is in beheer van die stof en heers oor die wêreld. *Although man is made of dust, he rules the earth.*
intertekstualiteit	*intertextuality*	Wanneer daar direk of indirek na ander tekste verwys word. *When reference is made to other texts, directly or indirectly.* In hierdie gedig word die skeppingsverhaal van die Bybel as interteks gebruik. *In this poem the Bible story of creation is used.* Haikoe 6 handel oor die mens in die Bybel wat op die sesde dag geskape is. *Haiku 6 refers to man, who was created on day six according to the Bible.* Sodom en Gomorra in die Bybel is deur swael en vuur vernietig en in haikoe tien word daar na **"Vuis van swael en vuur"** verwys. *Sodom and Gomorrah were destroyed by fire and brimstone.* *Haiku 10 refers to* **"Vuis van swael en vuur"**.

KONTEKSTUELE VRAE

1.	Hoeveel strofes is daar in hierdie gedig? _____	(1)
2.	2.1 Wat is 'n haikoe? _____ 2.2 Noem **DRIE** kenmerke van 'n haikoe. _____ _____ _____	(1) (3)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

	2.3 Verduidelik hoe die sewentien lettergrepe gewoonlik versprei is in 'n haikoe. _____ _____ _____	(3)
	2.4 Wat is kenmerkend omtrent die inhoud van 'n haikoe? Noem **TWEE** kenmerke. _____ _____	(2)
3.	3.1 Watter dorpsnaam word in die titel genoem? _____	(1)
	3.2 In watter provinsie is hierdie dorp? _____	(1)
	3.3 Waarvoor staan hierdie dorp bekend? _____	(1)
	3.4 Ná watter gebeurtenis het hierdie dorp wêreldberoemd geword? _____	(1)
4.	4.1 Waarna verwys die **"klipvuis"**? _____	(1)
	4.2 Watter soort beeldspraak word in die woord **"klipvuis"** aangetref? _____	(1)
	4.3 Dink jy die digter se beeldspraak is funksioneel? _____	(1)
5.	Haal **SES** agtereenvolgende woorde aan wat daarop dui dat die meteoriet alle lewe op Vredefort vernietig het. _____	(1)
6.	Identifiseer en onderstreep die alliterasie wat in die eerste haikoe aangetref word. _____	(1)
7.	7.1 Waarmee word die wind vergelyk? _____	(1)
	7.2 Watter doel dien die wind? _____	(1)
	7.3 Kies die **KORREKTE** antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer neer. **"yslike nagte"** is 'n voorbeeld van ... A 'n vergelyking B alliterasie C 'n metafoor D personifikasie _____	

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

8.	8.1 Kies die **KORREKTE** antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraag-nommer en die antwoord neer. Die herhaling van die **s**-klank in ***"Water"*** is 'n voorbeeld van **(alliterasie / assonansie.)** _____ 8.2 Wat is die doel van hierdie beeldspraak in ***"Water"***? _____	(1) (1)
9.	Waarna verwys die bakhand van jou lyf in ***"Grond"***? _____	(1)
10.	10.1 Gee 'n voorbeeld van personifikasie in ***"Boom"***. _____ 10.2 Verduidelik die rede hoekom dit personifikasie is en hoe dit by die inhoud van die haikoe pas. _____ _____	(1) (2)
11.	11.1 Deur wie word die besoedeling veroorsaak? _____ 11.2 Watter gereedskap word gebruik om die omgewing te verniel? Haal **TWEE** aparte woorde aan. _____	(1) (2)
12.	12.1 Waarna verwys die denotatiewe betekenis van die woord, **"uitgeteer"**? _____ 12.2 Bespreek die konnotatiewe betekenis van die woord, **"uitgeteer"**. _____	(1) (1)
13.	Verduidelik die intertekstualiteit in die gedig. _____ _____	(2)
14.	Voltooi die volgende stelling: In die tien haikoes word die Vredefortkoepel vanaf sy _____ tot sy einde beskryf.	(1)
		[36



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



Huiskat

Elisabeth Eybers



DIE TITEL - *THE TITLE*

Die titel, "Huiskat" kan enige kat wees, want dit is nie die, of 'n kat - 'n besondere of spesifieke kat nie. Die kat het nie 'n naam nie; daarom is dit universeel, aangesien die gedig die gedrag van katte oor die algemeen uitbeeld.
The feline in 'House cat' is not about any specific cat, it's about the common house cat. And so the animal has no name, as the poem describes the behaviour of felines (cats) in general.

DIE TEMA - *THE THEME*

Dit gaan oor die aard en gedrag van 'n huiskat en katte oor die algemeen.
It is about the nature and behaviour of cats in general.

STEMMING - *MOOD*

Beskrywend of snaaks / amusant / ironies.
Descriptive or funny / amusing /ironic.



DIE BOU - *THE STRUCTURE*

UITERLIKE BOU - *EXTERNAL STRUCTURE:*

- Die gedig is 'n Italiaanse sonnet.
  This is an Italian sonnet.
- Dit bestaan uit 14 versreëls.
  It consists of 14 lines.
- Die tweede strofe bestaan uit ses versreëls.
  The second stanza consists of six lines.
- Die eerste 8 versreëls is die oktaaf wat uit twee kwatryne van 4 versreëls elk bestaan.
  The first 8 lines - an octave- consist of two quatrains of four lines.
- Die ses versreëls is die sestet met twee tersines van 3 versreëls elk.
  A sextet consists of six lines with two tercets of three lines each.
  In die oktaaf is die BEELD en in die sestet is die TOEPASSING.
  The image is in the octave and the implementation in the sextet.
- Die rymskema is abba/abba/cdc/cdc.
  The rhyme scheme is abba/abba/cdc/cdc.
- Die rymskema van "Huiskat" is egter: abba/cddc/eff/ggh.
  However, in "Huiskat" the rhyme scheme is: abba/cddc/eff/ggh.

INNERLIKE BOU - *INTERNAL STRUCTURE:*

- Die oktaaf bevat 'n uiterlike beskrywing, (beeld van 'n kat). In die sestet beweeg

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

dit na die innerlike en sien ons die interaksie met die mens. Daar is dus 'n beeld in die oktaaf en 'n toepassing in die sestet.
The octave describes the cat, and the sextet its interaction with people.

- Daar is **progressie** in die gedig.
  There is progression in the poem.
- In die oktaaf word ons aan die kat voorgestel.
  In the octave the cat is introduced to us.
- Ons leer 'n paar van die karaktertrekke ken. Sy is sielloos en naamloos.
  We get to know some of her characteristics. She is said to be soulless and nameless.
- **In die sestet hoor ons van haar eie pyn. Sy is gesteriliseer en sal nooit die vreugde en angs van geboorte ervaar nie, maar sy is nog steeds afsydig en ervaar geen teerheid nie.**
  In the sextet we hear of her pain. She is sterilised and will never experience the pleasure nor the pain of giving birth.



WAT SÊ DIE GEDIG? - *WHAT DOES THE POEM SAY?*



OKTAAF - OCTAVE

Huiskat	*House cat*
1 Die kat strek hoog op vier strak bene, buig	*1 The cat stretches high on four taut legs, bends*
2 behaaglik om haar luiperdlies te lek,	*2 pleasurably, to lick her leopard flanks*
3 rol om en lê fluwelig oopgevlek	*3 rolls over and lies velvety splayed*
4 dat keel en bors en buik die son kan suig.	*4 so that throat and belly and chest can consume the sunshine.*
5 Ons noem haar "kat" want sy is sonder siel	*5 We call her "cat" because she is without soul*
6 en anoniem. Smal skerwe van agaat	*6 and anonymous. Small splinters of agate*
7 staar koud uit die driehoekige gelaat.	*7 stare out coldly from the triangular face.*
8 Arglistig, vloeibaar soos 'n blink reptiel	*8 Crafty, fluid as a shiny reptile*
• Die kat se soepelheid, lenigheid en skoonheid word beskryf.	• *The cat is supple and beautiful.*
• Sy is ook baie selftevrede.	• *She is also very satisfied with herself.*
• "bene buig behaaglik" is 'n voorbeeld van **alliterasie**.	• "bene buig behaaglik" *is* ***alliteration.***
• Die daad gee vir haar baie plesier/ vreugde – **"behaaglik"**.	• *Stretching gives her pleasure.*
• **"Luiperdlies"** is 'n **metafoor** – haar lies lyk "soos" 'n luiperd s'n.	• **"Luiperdlies"** *is a* ***metaphor****. Her flanks look like those of a leopard.*
• Sy geniet dit om in die son te lê en die hitte van die son op haar keel,buik en bors te voel – "dat keel en bors en buik die son kan suig" – **alliterasie**. Sy geniet dit ook om haar "luiperdlies te lek". Dit	• *She enjoys lying in the sun to feel the heat on her 'throat, belly and chest' -* ***alliteration*** *in the Afrikaans.* **"luiperdlies"** *is a* ***metaphor****. Her flanks look like those of a leopard.*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

is 'n voorbeeld van **alliterasie**.
"Luiperdlies" is 'n **metafoor**.

- Die **alliterasie** van **"b"** in "**b**ors en **b**uik", beklemtoon ook die genot.
- Die herhaling van die voegwoord **"en"** i.p.v. 'n komma beklemtoon die verskillende dinge wat sy geniet. Dit is 'n voorbeeld van **polisindeton**.
- Haar vel is soos fluweel – **"fluwelig oopgevlek"**, kan ons ook sien as 'n **metafoor**.
- Hulle het nie vir haar 'n spesiale naam nie. Sy word **"kat"** genoem.
- Die herhaling van die **s**-klanke in: **"Ons noem haar "kat"**, want **s**y is **s**onder **s**iel", beklemtoon die siellosheid van die kat. Dit is 'n voorbeeld van **alliterasie**.
- Die kat se oë en gesig word briljant in die **metafoor** beskryf:
  "Smal skerwe van agaat
  staar koud uit die driehoekige gelaat". Dit is 'n voorbeeld van 'n 'n **metafoor**. Die kat se oë word as stukkies van 'n edelsteen beskryf.

- Hoe mooi die kat ookal is, het sy ook minder mooi eienskappe. Sy is koud, sonder siel, arglistig/skelm en sy word **vergelyk** met'n blink reptiel – **vergelyking**.
- Die kat word twee keer 'n reptiel genoem.



- ***Alliteration** of "b" in "**b**ors en **b**uik", also emphasises her enjoyment.*
- *The use and repetition of the conjunction, **"en"** (and) emphasise the various things that she enjoys. It's called **polysyndeton**.*
- *Her skin is like velvet – **'splayed out velvet'** - is also a **metaphor**.*


- *They don't have a special name for her. They call her **'cat'**.*
- *The repetition of the **s**-sounds in **"Ons noem haar "kat"**, want **s**y is **s**onder **s**iel", emphasises the thought - **alliteration**.*

- *The cat's eyes and face are brilliantly described in the **metaphor**.*
  "Smal skerwe van agaat
  staar koud uit die driehoekige gelaat".
  'Small shards of agate
  stare out coldly from the triangular face'.
- *No matter how beautiful the cat is, she has also less attractive characteristics. She is cold, without a soul, cunning / sly. She is **compared** to a shiny reptile – **a simile**.*
- *The cat gets called a reptile twice in this poem.*



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



Woorde om te onthou:	Words to Remember:
agaat	agate
behaaglik	pleasurably
fluwelig	velvety
skerwe	shards
anoniem	anonymous
gelaat	face
eenselwig	reserved

SESTET - SEXTET

9 van los en lenig wees versadig: sy 10 sal nooit – die veearts het haar "reggemaak" – 11 ekstase en angs van lewe voortbring smaak, 12 sal, steeds eenselwig, alle teerheid stuit. 13 Ek hol my hand behoedsaam, smalend sluit 14 sy haar oë, kronkel by my greep verby.	9 *limbre and supple satiation: she* 10 *will never – the vet 'sterilised' her –* 11 *she will never taste the ecstasy and anguish of giving birth,* 12 *will always be reserved without tenderness.* 13 *I cup my hand carefully, (she) scornfully closes* 14 *her eyes, wriggles out of my grasp.*
• In die sestet, vers 9, maak die digter weer gebruik van **alliterasie** – "van los en lenig wees versadig". • Die veearts het haar gesteriliseer en sy sal nooit die blydskap / vreugde en angs van geboorte ervaar nie. • 'n Mooi voorbeeld van **assonansie** vind ons in die sestet, reël 12 - "sal steeds eenselwig alle teerheid stuit". • Sy het nie verander nie, is nog steeds sielloos en nie in staat tot teerheid nie. • Sy maak haar hand versigtig in 'n holte, maar die kat se reaksie is om minagtend sy oë toe te maak. • Kat is nog steeds harteloos, **koud**, sielloos, **arglistig / skelm** en sy **kronkel** weer soos 'n reptiel verby haar hand. • Sy word twee keer met 'n reptiel vergelyk. 'n Reptiel is koud en kronkel - beweeg soos vloeistof - kronkel en draai. • **Inversie/omgekeerde woordorde:**	• *In the sextet, line 9, the poet again uses **alliteration,*** "van los en lenig wees versadig", • *She is sterilised by the veterinarian and therefore is unable to experience the ecstasy and anguish of giving birth.* • *A beautiful example of* **assonance** *in the sextet, line 12 -* "sal steeds eenselwig alle teerheid stuit". • *She hasn't changed and remains soulless and reserved, with no sign of tenderness.* • *She cups her hand carefully, but the cat closes her eyes, with scorn.* • *Cat remains heartless towards her **cold and sly**, and **slithers** out of her hand, as fluidly as a reptile.* • *The cat is likened twice to a reptile. A reptile is cold and slithers - moves like liquid, twisting and turning.* • ***Inversion:** When starting with a word*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Wanneer jy met 'n woord begin wat gewoonlik die sin begin nie, ontvang daardie woord meer klem.
Sestet, versreël 13: "**smalend** sluit sy haar oë, kronkel by my greep verby."

- **Eufemisme/versagting:** Die dokter het haar "**reggemaak**", i.p.v." gesteriliseer".

that usually appears later in a sentence, that word is emphasised.
Sextet, line 13: "**smalend** sluit sy haar oë, kronkel by my greep verby."

- ***Euphemism/to soften the meaning of a word.*** *The docter '**fixed**' her instead, of sterilised her.*



Woorde om te onthou:	*Words to remember:*
reggemaak	*sterilised*
lenig	*supple*
versadig	*satiated*
teerheid	*tenderness*
behoedsaam	*careful*
smalend / minagtend	*scornful*
ekstase	*ecstasy*
arglustig	*cunning*
slu	*sly*
geboorte	*birth*

KORTLIKS WAAROOR DIE GEDIG GAAN – *A BRIEF OUTLINE OF THE POEM'S CONTENT*

- Die sonnet is oor die gedrag van 'n huiskat, maar dis ook universeel, want dit is basies die gedrag van die meeste katte volgens die digter.
  The sonnet is about the behaviour of a house cat, but is basically about the behaviour of most cats, according to the poet.
- In die oktaaf word beskryf hoe die kat lyk.
  In the octave the appearance of the cat is described.
- Die kat is baie soepel / lenig en sy bewegings is grasieus, maar lui. Hy strek homself graag in die son uit.
  The cat is very supple and her movements are elegent, graceful, but lazy.
- Die kat is egter koud en slu en word met 'n reptiel vergelyk.
  The cat is however, cold, sly and may be compared to a reptile.
- Die digter sê die kat is sonder siel en naamloos.
  The poet says the cat is without a soul and is anonymous.
- In die sestet vind ons uit dat die kat gesteriliseer is en nooit die vreugde, angs en ekstase van geboorte sal smaak nie.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

In the sextet we hear that the cat is sterilised and will never experience the ecstasy and anguish of birth.

- **Die kat bly teruggetrokke/afsydig, minagtend en wys geen teerheid en liefde nie.**
  The cat remains reserved, scornful and shows no tenderness.



BEELDSPRAAK EN LITERÊRE TERME – *METAPHORIC LANGUAGE AND LITERARY TERMS*

metafoor	*metaphor*	**Strofe 1, versreël 2: – *Stanza 1, line 2:*** **"om haar luiperdlies te lek."** *'to lick her leopard flank.'* **Strofe 2, versreël 2: – *Stanza 2, line 2:*** **"Smal skerwe van agaat"** **staar koud uit die driehoekige gelaat.** *'Narrow shards of agate stare out from a triangular face.'*
vergelyking	*simile*	Gebruik woorde saam met: **"soos", "nes", "net soos", "asof"** om 'n beter prentjie te vorm. *Use words with: 'like', 'just like', 'as if' to form a clearer picture.* **Strofe 2, versreël 8: – *Stanza 2, line 8:*** **"Arglistig, vloeibaar soos 'n blink reptiel"** *'Cunning, fluid as a shiny reptile.'*
enjambement	*enjambment*	**Strofe 1, versreëls 1, 2 en 3, 4: –** ***Stanza 1, lines 1, 2 and 3, 4:*** Die leser kan die lui, aaneenlopende bewegings van die kat visualiseer. Jy kan eintlik "sien" hoe soepel en grasieus die kat is as sy strek, buig en rol. *The reader can visualise the movements of the cat. One may appreciate the suppleness and grace when she stretches, bows and roles over.* Die enjambement verdoesel ook die streng rym van die sonnet. *The enjambment disguises the strict rhyme of the sonnet.* Enjambement kom ook voor in die tweede kwatryn en vloei van een vers na die helfte van 'n volgende vers. Dit vloei ook van die oktaaf, versreël 8 tot in die sestet, versreël 9. Hier het dit 'n bindende funksie. *Enjambment also occurs in the second quatrain and flows from one line to half of the next line. It flows from the*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from edureSourceza.com

		octave, line 8, into the sextet, line 9. Here it has a binding function.
assonansie	*assonance*	'n Mooi voorbeeld van **assonansie** vind ons in die sestet, versreël 12. *A good example of assonance is found in the sextet, line 12.* "sal steeds eenselwig alle teerheid stuit."
alliterasie	*alliteration*	**Oktaaf, versreëls 1 en 2: - *Octave, lines 1 and 2:*** "Die kat strek hoog op op vier strak bene, buig behaaglik om haar luiperdlies te lek" **Oktaaf, Versreël 4: - *Octave, line 4:*** "dat keel en bors en buik die son kan suig." **Oktaaf, versreël 5: - *Octave, line 5:*** "Ons noem haar kat want sy is sonder siel" **Sestet, versreël 9: - *Sextet, line 9:*** Die digter gebruik weer **alliterasie** - "van los en lenig wees versadig:" *The poet once again uses* **alliteration** - "van los en lenig wees versadig:"
inversie/ omgekeerde woordorde	*inversion*	**Sestet, versreël 13: - *Sextet, line 13:*** "**smalend** sluit sy haar oë, kronkel by my greep verby" Deur inversie te gebruik, val die klem op **"smalend"** wat die gedrag van die kat beklemtoon. *Inversion emphasises important words.*
eufemisme of versagting.	*euphemism*	**Sestet, versreël 10: - *Sextet, line 10:*** "die veearts het haar **"reggemaak"**- Dis net versagting van die woord gesteriliseer. *Euphemism: To soften the meaning of a strong word.*
polisindeton	*polysyndeton*	**Oktaaf, versreëls 3 en 4: - *Octave, lines 3 and 4:*** **"rol om en lê fluwelig oopgevlek** **dat keel en bors en buik die son kan suig."** Woorde of dele van 'n sin word herhaaldelik met die voegwoord, **"en"** verbind. *Repetition of the conjunction* **"en"** *- the function being to emphasise every means available to embrace and enjoy the sun.*
Rympatroon van die Italiaanse sonnet.	*rhyme of the Italian sonnet*	• **Die gedig is 'n Italiaanse sonnet.** *This is an Italian sonnet.* • Dit bestaan uit **14 versreëls.** *It consists of 14 lines.* • Die sestet bestaan uit **ses versreëls.**

Downloaded from edureSourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

		The sextet consists of six lines. • Die **eerste 8 versreëls** is die **oktaaf**, wat bestaan uit **twee kwatryne** van 4 versreëls elk. *The octave consists of two quatrains of 4 lines each.* • Die **ses versreëls** is die **sestet** met twee **tersines** van **3 versreëls elk.** *The sextet consists of two tercets of 3 lines each.* • In die oktaaf is die **BEELD** en in die sestet is die **TOEPASSING.** *The image is in the octave and the implementation is in the sextet.* • Die rymskema *(rhyme scheme)* is **abba/abba/cdc/cdc.** Die rymskema van **"Huiskat"** verskil – *The rhyme scheme of* **"Huiskat"** *differs:* **abba/cddc/eff/ggh.**

KONTEKSTUELE VRAE

1.	1.1 Verduidelik wat die titel van die gedig vir ons wil sê. _____ _____ _____ 1.2 Watter soort spreker het ons hier? Haal 'n versreël aan om jou antwoord in 1.1 te bewys. _____ _____	(2) (2)
2.	2.1 Wat beteken die woord, **"luiperdlies"**? _____ 2.2 Wat noem ons die beeldspraak/stylfiguur (**"luiperdlies"**)? _____ 2.3 Verduidelik jou antwoord in 2.2. _____ _____ _____	(1) (1) (2)
3.	3.1 Is die laaste versreël, kwatryn 1, konnotatief of denotatief gebruik? _____ 3.2 Verduidelik jou antwoord. _____ _____ _____ _____	(1) (3)
4.	Haal 'n woord in strofe een aan wat dieselfde as **"genoeglik"** beteken. _____	(1)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

5. Pas **KOLOM B** by **KOLOM A**, sodat die beeldspraak of stylfiguur by die aanhaling pas. Skryf slegs die regte letter by die nommer neer.

KOLOM A	KOLOM B
1. "Ons noem haar "kat" want sy is sonder siel en anoniem."	A. Assonansie
2. "Arglistig, vloeibaar soos 'n blink reptiel"	B. Inversie
3. ". . . Smal skerwe van agaat, staar koud uit die driehoekige gelaat"	C. Vergelyking
4. "sal, steeds eenselwig, alle teerheid stuit"	D. Polisindeton
5. ". . . smalend sluit sy haar oë, kronkel by my greep verby."	E. Alliterasie
6. "rol om en lê fluwelig oopgevlek dat keel en bors en buik die son kan suig."	F. Metafoor

1 = _____; 2 = _____; 3 = _____; 4 = _____; 5 = _____; 6 = _____. (6)

6. Hoekom is **"reggemaak"** tussen aanhalingstekens?
_____ (1)

7. Watter woord in die laaste strofe ondersteun die woord, **"reptiel"**, in die eerste strofe? Verduidelik.
_____
_____ (2)

8. Gee **TWEE** funksies van enjambement in die gedig.
_____
_____
_____
_____ (2)

9. Wat dink jy, is die funksie van inversie in die gedig?
_____ (1)

10. 10.1 Die gedig is 'n sonnet. Watter soort sonnet is dit?
_____ (1)

10.2 Noem **VIER** kenmerke van die sonnet.
_____
_____
_____
_____
_____ (4)

11. Vul die ontbrekende woorde in.
Die kat keer as 'n mens enige _____ wys.
As jy haar wil streel/vryf, _____ sy haar oë en _____ by jou hand verby. (3)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

12.	12.1 Skryf al die woorde wat die kat se voorkoms beskryf, neer. _____ _____ 12.2 Skryf die woorde wat die kat se geaardheid / persoonlikheid beskryf, neer. _____ _____	(4) (4)
13.	Hoe voel jy oor die gedrag van die kat? Verduidelik hoekom jy so voel. _____ _____ _____ _____	(3)
14.	Watter woord sal jy as 'n eufemisme beskou? Waarom? _____ _____	(2)
15.	Watter teenstelling is daar in 'n kat se voorkoms en sy geaardheid / persoonlikheid? (eie gedagtes) _____ _____	(4)
		[50]



Downloaded from eduresourceza.com



Downloaded from eduresourceza.com

Ek het 'n huisie by die see

H.A. Fagan

DIE TITEL - *THE TITLE*

Die titel, "Ek het 'n huisie by die see", dui daarop dat die ek-spreker 'n huisie by die see het. Die woord "huisie" (verkleinwoord) laat dit klink of die huis klein en weerloos teen die elemente is. "Huisie" (verkleinwoord) kan ook daarop dui dat die spreker lief vir sy "huisie" is.

The title, "Ek het 'n huisie by die see" tells us that the speaker has a cottage at the seaside. The use of the diminutive, "huisie" makes it sound as if the house is small and vulnerable against the elements. "Huisie" (diminutive) can also indicate that the narrator loves his cottage.

DIE TEMA - *THE THEME*

Die tema van die gedig is dat jy jou lewe op geloof moet bou. Die elemente kan nie sy huisie vernietig nie, want dit is op 'n rots (geloof) gebou.

The theme of the poem is that one should build a life on faith. The elements can't destroy his house, as it is built on rock (faith).

DIE BOU - *THE STRUCTURE*

UITERLIKE BOU - *EXTERNAL STRUCTURE:*

- Die gedig is 'n Engelse sonnet.
  This is an English sonnet.
- Dit bestaan uit 14 versreëls.
  It consists of 14 lines.
- Die eerste 12 versreëls is 'n stroom van gedagtes. Dit kan in 3 kwatryne verdeel word.
  The first 12 lines are streams of thought that may be divided into 3 quatrains.
- Die 2 laaste versreëls bevat 'n sterk gevolgtrekking of samevatting.
  The last 2 lines bring a strong conclusion.
- Dit bestaan dus uit 3 kwatryne en 'n rymende koeplet.
  It consist therefore of 3 quatrains and a final rhyming couplet.
- Die rymskema is abba/acca/deed/bb.
  *The rhyme scheme is **abba/acca/deed/bb**.*
- Die rymskema verskil van die Engelse sonnet.
  The rhyme scheme is different from an English sonnet.

INNERLIKE BOU - *INTERNAL STRUCTURE:*

- Daar is progressie in die gedig.
  There is progression in the poem.
- In die eerste 8 versreëls word die toerusting wat die huisie beskryf.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

In the first 8 lines conditions outside of the house are described.

- **In versreëls 9 tot 12 word die binnekant van die huisie beskryf.**
  From lines 9 to 12 the inside of the house is described.
- **Die koeplet sluit af met 'n herhaling van die gedagte dat enigiets kan gebeur, maar die huisie sal bly staan, want hy staan op 'n rots - die spreker se geloof.**
  The couplet ends with a repetition of the thought that whatever happens, the little house will survive, as it's built on a rock. (He has faith in his God.)
- **Intertekstualiteit - die gedig is op 'n gelykenis in die Bybel gebaseer.**
  The poem is inspired by a parable from the Bible.

WAT SÊ DIE GEDIG? - *WHAT DOES THE POEM SAY?*

OKTAAF - OCTAVE:

Ek het 'n huisie by die see	*I have a cottage at the sea*
1 Ek het 'n huisie by die see. Dis nag	*1 I have a cottage at the see. It is night*
2 Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan	*2 I keep hearing the waves break*
3 teenaan die rots waarop my huise staan	*3 against the rock on which my cottage stands*
4 met al die oseaan se woesste krag.	*4 with the whole ocean's fierce power.*
5 Ek hoor die winde huil - 'n kreun, 'n klag,	*5 I hear the wind cry - a groan, a moan*
6 soos van verlore siele in hul nood	*6 like lost souls in their distress*
7 al dwalend, klagend, wat in graf en dood	*7 roaming, groaning, that in grave and death*
8 geen rus kon vind nie, maar nog soek en smag.	*8 could find no rest, but still search and yearn*
9 My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.	*9 My fire burns, my candle gives light*
10 Ek hoor dan maar hoe loei die storm daarbuite,	*10 I hear how the storm rages outside*
11 ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite;	*11 I hear how the wind jerks my window panes*
12 hierbinne is dit veilig, warm en dig.	*12 Inside it is safe, warm and protected.*
• **Versreëls 1 tot 8** is 'n beskrywing van die storm buite sy huisie.	• *Lines 1 - 8 describe a ferocious storm.*
• **Versreël 1 is 'n stelling.** Hy het 'n huisie by die see en hy beklemtoon dat dit nag is deur die kort sin aan die einde van die vers - **"Dis nag"**	• *Line 1 is a statement. He has a house at the seaside. He tells us that it's night time - **'It's night'***
• Hy, die ek-spreker, vertel dan van die storm. Hy gebruik herhaling, **"aaneen, aaneen"**, om te beklemtoon dat die golwe in die see nooit ophou slaan nie. Dit is ook 'n voorbeeld van **assonansie**.	• *He then describes the storm. He uses repetition, **"aaneen, aaneen"**, to emphasise that the waves never stop crashing against the rock. This is an example of **assonance**.*
• In die volgende versreël beskryf hy die wind. Die wind huil, kreun en kla. Hy gee dus menslike eienskappe aan die wind. Dit is 'n voorbeeld van **personifikasie**. Hy beklemtoon dit ook deur die herhaling van die konsonante "**k**reun en **k**lag". Dit is 'n voorbeeld van	• *In the next line he describes the wind. The wind howls, groans and complains. This is an example of **personification**, emphasised through the **repetition** of the consonants, "**k**reun en **k**lag". Here we have an example of **alliteration**.*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

alliterasie.


- In dieselfde versreëls 5-8 vergelyk hy ook die wind met verlore siele - **"soos van verlore siele"**. Dit is 'n voorbeeld van **vergelyking**. Hy versterk ook die **personifikasie** deur woorde soos **"klagend"**, **"soek"** en **"smag"**. In dié versreël sien ons ook **assimilasie** en **assonansie**.
- Hier sien ons ook die vaste rymskema van die sonnet: **abba, cddc en effe - omarmde rym.**
- Die **enjambement** wat voorkom, versnel die tempo en verdoesel die sterk rym. Ons vind **enjambement** in versreëls 2–4 en ook in versreëls 6–8.
- Vanaf versreëls 9–12 word die situasie in die huis beskryf. Dit vorm 'n **teen-stelling** met wat buite gebeur. Die atmosfeer is nou rustig en kalm. Jy hoor nog die golwe slaan, die wind wat aan die vensters ruk, die storm wat loei, **maar** in sy huisie brand 'n vuurtjie, warm en gesellig in **teenstelling** met die koue daarbuite. Sy kersie gee lig in kontras met die nag of donkerte buite. Dis veilig, want sy vensters maak dig toe, maar buite is dit gevaarlik, want die wind is sterk en die golwe slaan. Let ook op die **teenstelling**: **"hierbinne"** en **"daarbuite"**.
- Die spreker maak ook gebruik van **klanknabootsing / onomatopee**. Voorbeelde hiervan is **"kreun"**, **"klag"**, **"klagend"**.

- *In lines 5-6 he compares the wind with lost souls -* **"soos van verlore siele"**. *This is an example of a* ***simile***. *He also emphasises* ***personification*** *with words such as ,"***klagend***"*, **"soek"** *and* **"smag"**. *In this line we also find* ***assonance*** *and* ***alliteration.***

- *Here we find the strong rhyme scheme of the sonnet:* ***abba, cddc and effe - embracing rhyme.***
- ***Enjambment*** *speeds up the tempo and disguises the rhyme. In lines 2-4 and 6-8 we find* ***enjambment.***

- *From line 9-12, the situation in the house is described. The atmosphere is calm and restful in* ***contrast*** *to what is happening outside.*
  You hear the waves, the wind rattling the windows, the storm roaring, but in this little house a fire is burning, warm and enjoyable in ***contrast*** *with the cold outside. And, his candle gives light in contrast to the night, the dark outside. It is safe, because the windows are closed, but outside it is dangerous. Notice the* ***contrast*** *between* **"hierbinne"** *and* **"daarbuite"**.

- *The poet also uses* ***onomatopoeia.*** *Examples are:* **"kreun"**, **"klag"**, **"klagend"**.



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



Woorde om te onthou:	Words to remember:
woesste	ferocious
kreun	groan
klag	complain
klagend	complaining
dwalend	roaming

Koeplet / Couplet

13 **Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan –**	*13 **Come night, come weather. Come wind, come ocean –***
14 **Dit is die rots waarop my huisie staan.**	*14 **It is the rock my cottage is standing on.***
• Die spreker is oortuig dat sy huisie enigiets kan weerstaan. Hy nooi die nag, weer, wind en oseaan om sy huisie te probeer vernietig. • Sy huisie se fondament is stewig. Sy huisie staan op 'n rots. • Sy rots is sy geloof in sy God. • Dit eindig met die **rymende koeplet: (gg)**	• *The speaker is convinced that his house can withstand anything. He invites the elements, the night, weather, wind and ocean to come and try to destroy it.* • *His house foundations are strong. His house is built on a rock.* • *His rock is his faith in his God.* • *It ends with a **rhyming couplet: (gg)***



Woorde om te onthou:	Words to remember:
weerstaan	withstand
uitnodiging	invitation
uitdaging	challenge
geloof	faith



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from edurescourceza.com

KORTLIKS WAAROOR DIE GEDIG GAAN - *A BRIEF OUTLINE OF THE POEM'S CONTENT*

- **Die sonnet is oor 'n man wat 'n huisie by die see het.**
  The sonnet concerns a man who has a little house at the seaside.
- **Sy huisie is klein, maar stewig op 'n rots gebou.**
  His house is small but sturdily built on a rock.
- **Daar woed 'n storm, maar die eienaar is nie bang nie. Hy het volle vertroue dat sy huisie die storm kan weerstaan.**
  There is a ferocious storm, but the owner is not afraid, as he is sure that his house can withstand the storm.
- **Die branders slaan teen die rots, die wind loei en ruk aan sy ruite en boonop is dit nag.**
  The waves slash against the rock, the wind howls and tugs at his windows and on top of that, it is dark, it is night.
- **In die huis is dit net die teenoorgestelde. Al hoor jy nog hoe die branders teen die rotse slaan en die wind wat loei en aan die vensters ruk, is dit warm en veilig in die huisie. Daar brand 'n vuurtjie wat dit warm en gesellig maak. Die vensters is dig toe en daar brand 'n kersie wat die vertrek verlig.**
  In the house it is just the opposite. Although you hear the slashing of the waves against the rock and the howling of the wind that rattles and tugs at the windows, it is safe in the house. A fire is burning and the house is warm. The windows are closed and a candle is burning to give light.
- **Die spreker is so seker van die sterkte van sy huisie dat hy die elemente uitdaag / uitnooi om hulle krag teen sy huisie te toets.**
  The speaker is so sure of the strength of his little house that he challenges/ invites the elements to test their strength against the house.
- **Hy vertrou sy huise, want dit is op 'n rots gebou.**
  He trusts his house because it is built on a rock.
- **Die dieper betekenis is dat die rots sy geloof in sy God is.**
  The deeper meaning is that he has faith in his God.



Downloaded from edurescourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

BEELDSPRAAK EN LITERÊRE TERME - *METAPHORICAL AND LITERARY TERMS*

		Voorbeelde - *Examples*
vergelyking	*simile*	**Versreëls 5-8:** - ***Lines 5-8:*** Die wind word met verlore siele vergelyk - **"soos van verlore siele"**. Dit is 'n voorbeeld van **vergelyking**. *He compares the wind with lost souls. It's an example of a **simile**.*
personifikasie	*personification*	**Versreëls 5-8:** - ***Lines 5-8:*** Die wind word beskryf. Die wind huil, kreun en kla. Hy gee dus menslike eienskappe aan die wind. Dit is 'n voorbeeld van **personifikasie**. *The wind is described. The wind cries, howls and complains. He personifies the weather.*
assonansie	*assonance*	**Versreël 2:** - ***Line 2:*** Hy gebruik **herhaling, "aaneen, aaneen"** om te **beklemtoon** dat die golwe in die see nooit ophou slaan nie. Dit is ook 'n voorbeeld van **assonansie**. *He uses repetition, **"aaneen, aaneen"** to **emphasise** the continuous onslaught of sea and waves - Assonance in the Afrikaans.*
alliterasie	*alliteration*	**Versreël 5:** - ***Line 5:*** "Ek hoor die winde huil - 'n kreun, 'n klag" **Versreël 13:** - ***Line 13:*** "Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan" *'Come night, come weather and wind, come ocean'.*
enjambement	*enjambment*	**Versreëls 2-4 en 6-8:** - ***Lines 2-4 and 6-8:*** Die enjambement wat voorkom, versnel die tempo en verdoesel die sterk rym. *Enjambment speeds up the tempo and disguises the rhyme.*
klanknabootsing onomatopee	*onomatopoeia*	**Versreël 5:** - ***Line 5:*** Die spreker maak ook gebruik van **klanknabootsing / onomatopee**. Voorbeelde hiervan is **"kreun", "klag", "klagend"**. *The speaker also uses **onomatopoeia**. Examples are: **"kreun", "klag", "klagend"**.*
kontras / teenstelling	*contrast*	**Teenstellings: Versreël 1 teenoor versreël 9:** - ***Contrasts: Line 1 in contrast with line 9:*** **"nag"** - **"lig"** (kersie) **"wind"** (koue) - **"vuurtjie"** (warmte)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

		"branders" (gevaarlik) - "veilig en dig" **"daarbuite" - "hierbinne"** *Opposites:* *night - light (candle)* *wind (cold) - fire (warm)* *waves (dangerous) - safe, air-tight, closed* *outside - inside*
herhaling	*repetition*	**Versreël 13: - *Line 13:*** **" <u>Kom</u> nag, <u>kom</u> weer en wind, <u>kom</u> oseaan"** Herhaling beklemtoon hoe seker hy van sy veiligheid is. *Repetition emphasises how sure he is of his safety.*
sintuie **gehoorsintuig**	*senses* *hearing*	Die verkillende geluide speel 'n belangrike rol. *The different sounds play an important role.* **Versreëls 10 en 11 - *Lines 10 and 11:*** begin met **"Ek hoor . . ."** *start with* **"Ek hoor. . ."**
atmosfeer	*atmosphere*	Golwe wat slaan. Wind loei, huil, kla. *Waves crash, winds roar, wail and complain.* Die atmosfeer in die huisie is warm, gesellig en veilig teenoor die atmosfeer van gevaar buite. *The atmosphere inside the house is warm, companionable and safe from the dangerous storm outside.*
rym	*rhyme*	Die rymskema in dié gedig wyk af van die rymskema van 'n tipiese Engelse sonnet. Rymskema in dié gedig: **abba cddc effe gg** *Rhyming pattern of the English sonnet:* ***abab cdcd efef gg***
intertekstualiteit	*intertextuality*	Die gedig is gebaseer op 'n gelykenis in die Bybel. *The poem is based on a parable in the Bible.*

KONTEKSTUELE VRAE

1.	1.1 Noem **DRIE** sintuie wat in die gedig gebruik word. _____ _____ 1.2 Gee 'n voorbeeld van elk. _____ _____ _____	(3) (3)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2. 2.1 Skryf **TWEE** teenstellende woorde uit versreël 8 neer. (1)

2.2 Wat doen die verlore siele en waarom doen hulle dit? (2)

3. 3.1 Wat is die funksie van die verkleinwoordjie in die titel? (1)

3.2 Behalwe vir die verkleinwoord in die titel, is daar enigiets anders wat jou laat dink die huis is klein? Verduidelik. (2)

4. Watter elemente vind ons in die gedig en wat is elkeen se funksie in hierdie gedig? (6

5. Pas **KOLOM B** by **KOLOM A**, sodat die beeldspraak of stylfiguur by die aanhaling pas.

KOLOM A	KOLOM B
1. "al dwalend klagend wat in graf en dood"	A. Personifikasie
2. "Ek hoor die winde huil – 'n kreun, 'n klag, soos van verlore siele in hul nood"	B. Enjambement
3. "Ek hoor die winde huil –"	C. Vergelyking
4. ". . . wat in graf en dood geen rus kon vind nie, . . ."	D. Assonansie

A = _____; B = _____; C = _____; D = _____. (4)

6. Hoe voel die spreker in sy huisie? (3)

7. Hoe verskil die toestande binne sy huisie van die toestande daarbuite? (2)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

8.	Gee **TWEE** funksies van die enjambement in die gedig. _____ _____ _____ _____	(2)
9.	Waarom dink jy, word **"aaneen"** in die versreël herhaal? _____	(1)
10.	10.1 Die gedig is 'n sonnet. Watter soort sonnet is dit? _____ 10.2 Noem **VIER** kenmerke van die sonnet. _____ _____ _____ _____	(1) (4)
11.	Vul die ontbrekende woorde in. Wanneer 'n teks gebaseer is op 'n ander teks, noem ons dit _____. Hierdie teks is gebaseer op 'n _____ in die _____.	(3)
12.	Wat dink jy, is verantwoordelik vir die atmosfeer in sy huisie? _____ _____ _____	(4)
13.	Verduidelik die progressie in die gedig. _____ _____ _____ _____	(3)
14.	Wat is die die dieper betekenis in die gedig? _____ _____	(2)
15.	Wat is die funksie van die herhaling van **"kom"** in die koeplet? _____ _____	(1)
16.	Noem **TWEE** teenstellings /kontraste in die gedig. _____ _____	(2)
		[50]

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



Boekmerk

Marlise Joubert

DIE TITEL - *THE TITLE*

- **Die titel dui aan dat die gedig oor 'n boekmerk handel. 'n Boekmerk is 'n plekwyser in 'n boek.**
  When you wish to keep your place in the book you are reading, inserting a bookmark (usually a decorative piece of card) will keep your place for you.
- **Hier is dit ook 'n plekwyser in die kinders se lewens. Die onderwyser wil die kinders se skooldae aangenaam maak sodat hulle dit kan onthou as positief en gelukkig. Sy wil dus vir haar leerders 'n simboliese boekmerk gee.**
  In this poem a **"boekmerk"** *serves as a milestone in children's lives. By giving them a metaphorical bookmark, the teacher hopes the children will have happy memories of their school days.*

DIE TEMA - *THE THEME*

- **Die rol van onderwysers en hulle invloed op kinders in hulle klas.**
  The theme explores the influence teachers have on the lives of school children.

STEMMING - *MOOD*

- **Liefdevol en positief** - *Loving and positive*

BOU - *STRUCTURE*

UITERLIKE BOU - *EXTERNAL STRUCTURE:*

- **Die gedig bestaan uit ses strofes van verskillende lengtes.**
  The poem consists of six stanzas of different lengths.

Strofes 1 en 2:	**Ses versreëls elk**	-	***Stanzas 1 and 2:***	*- Six lines*
Strofe 3:	**Agt versreëls**	-	***Stanza 3:***	*- Eight lines*
Strofe 4:	**Drie versreëls**	-	***Stanza 4:***	*- Three lines*
Strofe 5:	**Twee versreëls**	-	***Stanza 5:***	*- Two lines*
Strofe 6:	**Vyf versreëls**	-	***Stanza 6:***	*- Five lines*

- **Dit is 'n vrye vers, want daar is geen spesifieke rymskema nie.**
  This is free verse as the poem has no specific rhyming pattern.

INNERLIKE BOU - *INTERNAL STRUCTURE:*

- **Die gedig is soos 'n storie - daar is progressie in die gebeure.**
  The poem reads as a story - there is progression.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

- **Aan die begin sien en hoor die onderwyser net die klomp kinders.**
  Initially, the teacher sees her class as a number of children, not as individual people.
- **Daarna dink sy terug aan haar eie skooldae en sy besluit om haar klas se skooldae "soet" te maak, nie "bittersoet" nie.**
  But then she thinks back to her own school days. She has (book)marked some of those days with bitter-sweet memories. She resolves to make her class's school days creative and joyful.
- **Sy wil nie vir die kinders net feite leer nie, maar sy wil hulle gereed maak vir die lewe.**
  She doesn't want to teach them facts only, but she wants to help them prepare for life after their school days.

INTERTEKSTUALITEIT - *INTERTEXTUALITY*

- **Die gedig verwys na 'n teksvers in die Christelike Bybel, Matteus 10:29. Mossies is beskou as onbelangrike voëltjies. Net soos die kinders, is die mossies vir God egter belangrik.**
  Although sparrows may be seen as insignificant little birds, a text from the Bible, Matthew 10:29, states that sparrows and children are equally important to God.

WAT SÊ DIE GEDIG? - *WHAT DOES THE POEM SAY?*

Strofe 1 - Stanza 1

Boekmerk	Bookmark
1 kinders 2 met wange soos mossies 3 wat teen elke oggend stoei	1 *children* 2 *with cheeks like sparrows* 3 *who wrestles with every morning*
• Die woord, **"kinders"** staan alleen in die eerste versreël. Dit beklemtoon die feit dat hierdie gedig oor kinders handel. • Die kinders se wange word met dié van mossies vergelyk - **vergelyking.** Mossies is klein voëltjies met swart of wit wange met sagte vere. • Die toeskouer (die onderwyser) sien ook elke oggend dat die kinders nie lus vir die skooldag is nie - **versreël 3: "wat teen elke oggend stoei".**	• **"Kinders"** - *children - is the only word in the first line, an indication that the poem is about children.* • *Children's cheeks are soft, as soft as sparrow's cheeks - **simile.** Sparrows are small birds with black or white cheeks covered in soft feathers.* • *The teacher is aware that every morning the children wrestle with the problems of a new school day - line 3:* **"wat teen elke oggend stoei"**
4 hande altyd woerende vlerke 5 elke lyfie 'n seilende gesang - 6 vlak bo die waterspieël 7 van 'n klipvloergang	4 *hands always whirling wings* 5 *each little body a gliding blessing -* 6 *close to the surface (water-level)* 7 *of a flagstoned passage*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

- Die **metafore** in versreël 4 en 5 word baie effektief gebruik.
- Die woord, **"woerende"**, wat die klank wat die vlerkies maak, naboots, versterk die **metafoor** in versreël 4. **(Klanknabootsing** en **metafoor)**. Ons kan die vlerkies amper hoor. Hierdie **metafoor** verwys na die kinders se hande wat altyd beweeg.
- Die kinders beweeg oor die skool se blink klipvloer soos mossies wat oor blink water sweef. Elke kind is vir die onderwyser belangrik - **"elke lyfie 'n seilende gesang" (metafoor en personifikasie)**.
- 'n **"Gesang"** is gewoonlik 'n godsdienstige lied, maar dit kan ook verwys na voël-gesang.
- Die inkeping van versreëls 6 en 7 dien om 'n deel van die boodskap van die gedig uit te lig.
- Die **herhaling** van die **w**-klanke skep ritme en atmosfeer.
- Let op dat daar geen vaste **rympatroon** is nie.

- *We find **metaphor** in lines 4 and 5, used effectively.*
- ***"Woerende"** (fluttering) - we hear wings fluttering, just as the arms and hands of children flutter about. This is a **metaphor** and **onomatopoeia**.*
- *Children glide along the school's shiny, flagstoned passage as easily as sparrows gliding across sparkling water - **"elke lyfie 'n seilende gesang"** - each small body a soaring blessing **(metaphor and personification)**.*
- ***"Gesang"** usually refers to a spiritual song, but it can also refers to birdsong.*
- *The indentation of lines 6 and 7 serves to highlight a part of the poem's message.*
- *The **repetition** of the **w**-sounds creates rhythm and atmosphere.*
- *Note that there is no set **rhyming pattern**.*



Woorde om te onthou:	Words to remember:
boekmerk	bookmark
wange	cheeks
mossies	sparrows
stoei	wrestle
woerende vlerke	flapping wings
lyfie	small body
vlak	shallow
waterspieël	water-level
gesang	hymn
klipvloergang	flagstoned passage

Downloaded from eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Strofe 2 – Stanza 2

8 vlytig stort die druppels klank 9 oor haar uit totdat sy verbaas 10 die reuk van bittersoet jasmyn 11 uit haar skooljare proe 12 waar sy ook kon mor 13 en protesteer:	*8 diligently the drops of sound shower* *9 over her until she surprisingly* *10 tastes the bitter-sweet fragrance of jasmine* *11 from her school years* *12 when she would also complain* *13 and protest:*
• **"vlytig stort die druppels klank oor haar uit"**, is 'n voorbeeld van **personifikasie**. 'n Mens is **"vlytig"** (ywerig), maar in versreël 8 word **"druppels klank"** wat val (herinneringe), as **"vlytig"** (ywerig) beskryf. • Die spreker (onderwyser) onthou haar eie skooldae toe sy die kinders hoor. Sy word nou deel van die kinders se lewe. • Sy is verbaas dat sy weer die **"bittersoet"** jasmyn wat sy **ruik**, kan **proe**. • Let op die twee woorde, **"bitter"** en **"soet"** wat in **kontras** met mekaar staan en saamgevoeg word om een woord te vorm **(oksimoron)**. • Dit dui aan dat daar vir haar slegte en goeie skooldae was. Die beeldspraak waar die prikkel wat vir een sintuig bedoel is, deur 'n ander sintuig waargeneem word, is 'n voorbeeld van **sinestesie**. Sy kan die bittersoet **reuk** van jasmyn **proe**. Dit beklemtoon die feit dat sy haar skooldae baie goed onthou. • Sy onthou ook dat sy net soos die kinders, gekla en geprotesteer het. • Jasmyn het 'n soet reuk. Die onderwyser verwys na die reuk as **"bittersoet"** wat aandui dat sy slegte en goeie herinneringe het. • Let op die **o**-assonansie in versreël 12 –	• **"vlytig stort die druppels klank oor haar uit"**, *is an example of* ***personification****. A person is diligent, but in line 8 drops* ***of memory*** *fall consistently, diligently.* • *The teacher remembers her own school days as she hears the children. She now becomes involved in a part of their lives.* • *She is surprised that she can* ***smell*** *and* ***taste*** *the* **"bittersoet"** *– bittersweet jasmine which she recalls from her own schooldays – (a milestone – bookmark – from her past)* • *Note the two* ***contrasting*** *words,* **"bitter"** *and* **"soet"** *– opposites that combine to form one word (oxymoron).* • *This tells us that she had bad and good days at school. The metaphorical language used where a prompt meant for one sense gets picked up by another, is an example of* ***synaesthesia****. She can* ***taste*** *the bitter-sweet* ***fragrance*** *of jasmine, recalling her school days. This emphasises that she has very clear memories of her school days.* • *She remembers that she too would complain and protest just as the children in her class do now.* • *Jasmine has a sweet fragrance. The teacher refers to it as* **"bittersoet"**. *We now realise that her memories of school days are both sad and good.* • *Note the* **o***-assonance in line 12 –*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

"waar sy ook kon mor en protesteer:". • Die funksie van die dubbelpunt ná **"protesteer:"**, beklemtoon die gedeeltes wat daarna volg. Sy noem waaroor sy en kinders kla.	"waar sy ook kon mor en protesteer:". • *The function of the colon after* **"protesteer"** *prepares the reader for the list of grievances that the teacher had when she was in school. Nothing has changed. Her class of children complain about the same things that she used to complain about.*
	**Woorde om te onthou:** / *Words to remember:* **klank** – *sound* **verbaas** – *surprised* **reuk** – *the smell* **geur** – *fragrance* **bittersoet** – *bitter-sweet* **jasmyn** – *jasmine* **proe** – *taste* **mor** – *grumble about* **protesteer** – *protest*

Strofe 3 – Stanza 3

14 **waarom is alles altyd ver** 15 **waarom is alles altyd hier** 16 **waarom moet ek leer** 17 **van optel aftrek deel** 18 **van dooie digters** 19 **uit die toentertyd** 20 **en watter land sit waar** 21 **en waarom draai die son**	14 *why is everything always far away* 15 *why is everything always here* 16 *why must I learn* 17 *about adding subtracting and dividing* 18 *about dead poets* 19 *from very long ago* 20 *and which country is where* 21 *and why does the sun rotate*
• Die vrae waaroor kinders reg oor die wêreld kla, word uitgebeeld deur **herhalende vrae** soos **"waarom is alles altyd . . ."** • **Herhaling: "waarom"** (versreëls 14, 15, 16 en 21) beklemtoon die vrae wat die kinders vra. • **"waarom is alles altyd ver"** dui daarop dat kinders dink dat hulle skooldae nooit tot 'n einde gaan kom nie en dinge wat hulle graag wil doen nog ver in die toekoms is. • Hoekom is skoolwerk belangriker as dinge wat kinders graag wil doen?	• *The questions that children all over the world complain about, are explained by* ***repetitive questions*** *like* **"waarom is alles altyd . . ."** • ***Repetition:*** **"waarom"** *(lines 14, 15, 16 and 21) emphasises the kind of questions that children ask.* • ***Repetition:*** **"waarom is alles altyd ver"** *Do children see their school days stretching out forever? Is the end of school so very far away?* • *Why is schoolwork more important than everything else that children long to do?*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


- Waarom moet hulle wiskunde doen? - **"optel, aftrek deel".**
- Waarom moet hulle letterkunde bestudeer? -
  "van dooie digters
  uit die toentertyd"
  Alliterasie: "dooie digters"
  (versreël 18)
- Hoekom moet hulle Aardrykskunde bestudeer? -
  **"en watter land sit waar
  en waarom draai die son"**

- Die inkeping van versreëls 14 tot 21 **(tipografie)** hef deel van die boodskap van die gedig uit.

- *Why must they do mathematics? -* **"optel, aftrek, deel".**
- *Why must they study literature? -*
  "van dooie digters
  uit die toentertyd"
  Alliteration: **"dooie digters" *(Line 18)***

- *Why must they study geography? -*
  **"en watter land sit waar
  en waarom draai die son"**

- *The indentation of lines 14 to 21 **(typography)** highlights part of the poem's message.*



Woorde om te onthou:	*Words to remember:*
ver	*far*
hier	*here*
optel	*add*
aftrek	*subtract*
deel	*divide*
dooie digters	*dead poets*
toentertyd	*long ago*
watter	*which*
land	*country*
draai	*rotate*

Strofe 4 - Stanza 4

22 **toe maak sy die dag weer oor -**
23 **met elke skoolklok werk sy**
24 **namens mossiekind**

22 *then she recreates the day -*
23 *with every school bell she works*
24 *for the benefit of the sparrow child*

- Die onderwyser dink nou anders - **"toe maak sy die dag weer oor".**

- Die onderwyser wil elke dag spesiaal maak. **"Mossiekind"** verwys na die leerders. Hulle is kosbaar, al is hulle klein.
- Die **aandagstreep** aan die einde van

- *The teacher now thinks compassionately -* **"toe maak sy die dag weer oor".**
- *She wants to make every day a special day for the child, the -* **"mossiekind".** *They are precious, even though they're small.*
- *The dash at the end of line 5 is very*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

versreël 5 is baie effektief, want dit berei die leser voor dat 'n verduideliking van haar voornemens gaan volg. Sy verduidelik haar veranderde houding teenoor haar **"mossiekinders"**. Sy sê in die volgende versreëls dat sy elke dag vir die kinders spesiaal gaan maak sodat hulle positiewe herinneringe van hulle skooldae kan hê.	*effective, preparing the reader for the teacher's change of heart, her change in attitude towards her class of* **"mossiekinders"**. *She says that she's going to make every day special for the children so that they will have only positive memories of their school days.*

Strofe 5 - Stanza 5

25 **kom ons pars die wind** 26 **met wange soos soldaatjies**	25 ***come let's press the wind*** 26 ***with cheeks like little soldiers***
• Die **"ons"** dui daarop dat die onderwyser haarself as een van die kinders sien. • Die wind druk die vlieënde mossies se veertjies op hulle wange plat en pars dit net soos 'n mens blomblaartjies pars. In hierdie gedig word daar na jasmyn-blaartjies verwys. • Die **vergelyking, "met wange soos soldaatjies"**, verwys na die pette met flappe oor die wange wat die soldate destyds gedra het. • Die kinders het nou nie meer wange soos mossies nie, maar soos **"soldaatjies"**. Word hulle gereed gemaak vir die lewe sodat hulle die uitdagings in hulle lewe kan hanteer?	• *The* **"ons"** *indicates that the teacher is at one with the children.* • *The wind flattens /presses down the cheek feathers of flying sparrows just as one presses flat the petals of flowers, releasing their fragrance. This poem tells us about fragrant jasmine petals.* • *The* ***simile,*** **"met wange soos soldaatjies"** *refers to headgear with flaps over the cheeks that soldiers wore in days gone by.* • *The children's cheeks are not like those of sparrows any longer. They are like* **"soldaatjies"**. *Are they being prepared to handle life's challenges with bravery?*



Woorde om te onthou:	*Words to remember:*
mossiekind **pars** **soldaatjies**	*refers to children* *press/flatten* *little soldiers*

Downloaded from eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Strofe 6 - Stanza 6

27 **totdat elkeen net die geur** 28 **van jasmyn kan boekmerk** 29 **teen die onheil van ons** 30 **ellelange reis**	*27 until everyone can only* *28 bookmark the fragrance of jasmine* *29 against the misfortune of our* *30 very long journey*
• Die onderwyser wil van elke dag 'n **"boekmerk"** (gelukkige herinnering) maak, sodat die leerders eendag met vreugde en geluk aan hulle skooldae kan terugdink.	• *The teacher wants to* **"boekmerk"** *(bookmark) - happy memories of school days so that the children can look back on them with joy and happiness.*
• **Enjambement:** Versreëls 27 en 28. **"totdat elkeen net die geur van jasmyn kan boekmerk"** Die enjambement beklemtoon dat die onderwyser wil hê dat elke kind net mooi herinneringe van hulle skooldae moet hê.	• ***Enjambment:*** *Lines 27 and 28.* **"totdat elkeen net die geur van jasmyn kan boekmerk"** *The enjambment emphasises the fact that the teacher wants them to have good memories of school.*
• Die onderwyser wil die kinders se skooldae so gelukkig maak totdat elkeen **"net die geur van Jasmyn"** kan boekmerk. Jasmyn ruik baie lekker; dus wil die onderwyser hê die kinders moet net mooi en gelukkige herinneringe van hulle skooldae hê.	• *The teacher wants to make the children's school days so happy so that everyone book marks only* **"die geur van Jasmyn"**. *Jasmine has a beautiful fragrance, therefore the teacher wants the children's memories of their school days to be beautiful and happy.*
• Die slotreël, versreël 30 - **"ellelange reis"**, verwys na 'n mens se lewensreis. Dit staan alleen in 'n versreël, want dit beklemtoon die lewensreis wat voorlê.	• *The concluding line, line 30 -* **"ellelange reis"**, *refers to life's long journey. The two words have a line to themselves to emphasise the personal nature of the journey ahead.*
• **"onheil"** sê vir ons dat die reis nie altyd voorspoedig sal wees nie. As dit sleg gaan, sal die kinders aan hulle aangename skooldae kan terugdink.	• **"onheil"** *indicates that the journey won't always be good. In bad times children should remember some of their pleasant days.*
• Die inkeping van versreëls, 25 tot 30, **(tipografie)** is deel van die uitheffing van die boodskap van die gedig.	• *The indented lines, 25 to 30,* ***(typography)*** *highlight the poem's message.*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



Woorde om te onthou:	Words to remember:
geur	*fragrance*
onheil	*evil*
ellelange reis	*very long journey*

KORTLIKS WAAROOR DIE GEDIG GAAN – *A BRIEF OUTLINE OF THE POEM'S CONTENT*

- **Die spreker (onderwyser) sien elke kind as spesiaal.**
  The speaker (teacher) thinks of each child as special.
- **Die onderwyser onthou dat sy net soos hierdie kinders gedink het toe sy op skool was.**
  The teacher remembers that she behaved exactly like her class of children when she was in school.
- **Sy het ook destyds gewonder en gekla waarom sy soveel dinge moet leer, dinge wat op daardie tydstip onbelangrik vir kinders is.**
  She also complained about the things that she had to learn, things which seemed insignificant to her when she was young.
- **Die onderwyser besluit om elke dag spesiaal vir haar leerders te maak. Elke skooldag moet vir hulle 'n boekmerk wees waarna hulle met vrede en geluk kan terugkyk en terugdink.**
  The teacher decides to make every day a special day for her pupils so that they will 'bookmark' them as happy school days.
- **Hierdie gedig is 'n voorbeeld van vrye vers, maar daar word twee soorte leestekens gebruik, nl. die dubbelpunt en die aandagstreep.**
  This poem is an example of free verse, with two types of punctuation, - namely a colon and a dash.





Downloaded from eduresourceza.com


Downloaded from edureSOURCEZA.com

BEELDSPRAAK EN LITERÊRE TERME
METAPHORICAL LANGUAGE AND LITERARY TERMS

		Voorbeelde - *Examples*
aandagstreep	*dash*	**Versreël 22: - *Line 22:*** **"toe maak sy die dag weer oor" -** Die funksie van die aandagstreep is om te beklemtoon wat daarná volg - dit lig ons in hoe sy beplan om die kinders se skooldae gelukkig te maak. *The function of the dash is to emphasise the information that follows - it informs us how the teacher plans to make the children's lives happy.*
alliterasie	*alliteration*	**Versreël 18: - *Line 18:* "dooie digters"** - Dieselfde konsonante word kort na mekaar herhaal. *The same consonants are repeated at short intervals.*
assonansie	*assonance*	**Versreël 12: - *Line 12:* "waar sy ook kon mor"** - die kort **o**-klank. *the short **o**-sound.*
dubbelpunt	*colon*	**Versreël 13: - *Line 13:* "en protesteer:"** Die dubbelpunt word gebruik om die gedeeltes daarná te beklemtoon. *The colon is used to emphasise the information that follows.*
enjambement	*enjambment*	**Versreëls 27 en 28: - *Lines 27 and 28:*** **"totdat elkeen net die geur** **van jasmyn kan boekmerk"** - 'n Mens lees die twee versreëls aaneen. Dit beklemtoon die onderwyser se begeerte dat die kinders net mooi herinneringe van hulle skooldae moet hê. *One reads the two sentences together. It emphasises the teacher's desire to leave the children with good memories of their school days.*
herhaling	*repetition*	**Versreël 2: - *Line 2:* "met wange soos mossies"** **Versreël 26: - *Line 26:*** **"met wange soos soldaatjies"** Woorde of frases word herhaal en bind die gedig tot 'n eenheid saam. Die funksie van die herhaling is om die gedagtes van die woorde of frases te beklemtoon. *Words and phrases are repeated and structure the poem to form a cohesive unit. The function of repetition is to emphasise the importance of certain*

Downloaded from edureSOURCEZA.com

Downloaded from eduresourceza.com

		words. **Versreëls 14-21: -** ***Lines 14-21:*** Woorde soos **"waarom"** word herhaal om die baie vrae wat kinders vra, te beklemtoon. *Words like* **"waarom"** *are used repeatedly emphasising the fact that children ask many questions.* **Versreëls 14-16: -** ***Lines 14-16:*** "**waarom** is alles altyd ver **waarom** is alles altyd hier **waarom** moet ek leer" **Versreëls 20 en 21: -** ***Lines 20 and 21:*** "**en** watter land sit waar **en** waarom draai die son" Die herhaling van die woord, **"waarom"** beklemtoon kinders se ontevredenheid oor hulle skooldae. Die herhaling van die woord, **"en"**, beklemtoon dat daar **baie dinge** is waaroor kinders kla. *The repetition of the word,* **"waarom"**, *emphasises children's discontent concerning their schooldays.* *The repetition of the word,* **"en"**, *emphasises that many grievances lead to discontent.*
intertekstualiteit	*intertextuality*	Die Christelike Bybel kan as interteks gesien word. Intertekstualiteit is wanneer 'n gedig verwys na tekste wat reeds bestaan. *The Bible is seen as intertext. Intertext refers to text that is already in existance.*
klanknabootsing	*onomatopoeia*	**Versreël 4: -** ***Line 4:*** **"hande altyd woerende vlerke"** **"woerende"** beskryf die bewegende vlerke - 'n mens kan die vlerkies amper **hoor.** **"Woerende"** *describes beating wings - one can almost* **hear** *them.* 
metafore	*metaphors*	**Versreël 4: -** ***Line 4:*** **"hande altyd woerende vlerke"** Die kinders se hande beweeg altyd. *Children's hands are always moving (gesticulating).* **Versreël 5: -** ***Line 5:*** **"elke lyfie 'n seilende gesang"** *Every little body a sacred hymn.*
oksimoron	*oxymoron*	**Versreël 10: -** ***Line 10:*** **"bittersoet"** Vir effek word twee teenoorgestelde begrippe, "bitter" en "soet", gebruik.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from edureesource.co.za

		To create effect two opposite concepts, **"bitter"** *and* **"soet"** *are used.*
personifikasie	*personification*	**Versreëls 8 en 9: -** ***Lines 8 and 9:*** **"vlytig** stort die druppels klank oor haar uit" Mense is **"vlytig"** (hardwerkend). *People are diligent (hardworking).* Die geraas van die kinders laat die onderwyser dadelik aan haar eie skooldae dink. *The sound of noisy children makes the teacher remember her own school days.* **Versreël 5: -** ***Line 5:*** **"elke lyfie 'n seilende gesang"** Menslike eienskappe word aan 'n nie-menslike ding gegee. *Human characteristics are given to inanimate objects.*
progressie	*progression*	Daar is progressie met ontwikkeling en verandering. • Dit lyk eers asof die onderwyser net kyk en hoor wat in die klinders se lewe aangaan. • Daarna begin sy aan haar eie lewe dink en gebruik die herinneringe om haar klas se skooldae aangenamer te maak. • Sy wil nie net vir die kinders feite leer nie, maar wil hulle ook vir die lewe voorberei. *Development and change denote progress.* • *At first it appears that the teacher simply watches and listens to what's happening in the children's lives.* • *Then she starts thinking about her own life and she uses those memories to help her make her learner's lives enjoyable.*
sinestesie	*synaesthesia*	**Versreëls 10 en 11: – Lines 10 and 11:** **"die reuk van bittersoet jasmyn uit haar skooljare proe"** Die onderwyser behoort die geur van jasmyn te **ruik**, maar sy **proe** dit. Die herinneringe is dus baie helder. *The teacher should really only* ***smell*** *jasmine, but she actually* ***tastes*** *it. Thus memories of her schooldays become very clear.*
vrye vers	*free verse*	• Die gedig het geen vaste rympatroon aan die einde van die versreëls nie, • die versreëls is nie altyd ewe lank nie, • die strofes bestaan nie uit ewe veel versreëls nie.

Downloaded from edureesource.co.za

Downloaded from eduresourceza.com

		• *The poem has no set rhyming pattern:* • *the length of lines differ,* • *stanzas do not have a set amount of lines.*
tipografie	*typography*	**Versreëls 6-7; 14-21; 25-30: -** ***Lines 6-7; 14-21; 25-30:*** Hierdie versreëls is ingekeep. Die funksie is om die boodskap van die gedig te beklemtoon. *The indentation of certain lines emphasises the theme/message of the poem.*
		Versreël 1: - ***Line 1:*** **"kinders"** Die alleenplasing van die woord, **"kinders"**, aan die begin van die gedig (versreël 1), beklemtoon die feit dat hierdie gedig oor kinders gaan. **'kinders'** *the single word of the poem's first line tells us that the poem is about children.*
vergelyking	*simile*	**Versreël 2: -** ***Line 2:*** **"met wange soos mossies"** **Versreël 26: -** ***Line 26:*** **"met wange soos soldaatjies"** **"soos", "net soos"** en **"nes"** word gebruik om 'n beeld te skep. **"soos", "net soos"** *and* **'hes"** *are used to show us similarities.*

KONTEKSTUELE VRAE

1.	Hoe beklemtoon die digter die feit dat hierdie gedig oor **"kinders"** handel? _____	(1)
2.	Verduidelik die letterlike en figuurlike betekenis van die titel van die gedig. _____ _____ _____ _____	(2)
3.	3.1 Wie is die spreker in die gedig? _____ 3.2 Gee 'n rede vir jou antwoord in 3.1. _____	(1) (1)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4. Pas die regte stylmiddel in Kolom B by die aanhaling

A	B
1 "hande altyd woerende vlerke"	A vergelyking
2 "elke lyfie 'n seilende gesang"	B personifikasie
3 "met wange soos mossies"	C metafoor
4 "vlytig stort die druppels klank oor haar uit"	D klanknabootsing

1 = _____; 2 = _____; 3 = _____; 4 = _____. (4)

5. Jasmyn het 'n soet geur. Verduidelik waarom jasmyn vir die spreker **"bittersoet"** ruik en proe.

_____

_____ (2)

6. Hoe word die ontevrede vrae van die kinders in versreëls 14 - 21 beklemtoon?

_____ (1)

7. Noem **TWEE** dinge waaroor kinders kla.

_____

_____ (2)

8. Watter besluit neem die onderwyser toe sy besef dat haar skooldae ook nie altyd gelukkig was nie?

_____

_____ (2)

9. Verduidelik wie **"mossiekind"** is.

_____ (1)

10. Hoekom is die leerders in versreël 26 **"soldaatjies"** en nie meer **"mossies"** nie?

_____

_____ (2)

11. Wat simboliseer dit as 'n mens 'n boekmerk in jou "lewensboek" of herinneringe plaas?

_____

_____ (2)

12. 12.1 Haal 'n voorbeeld van sinestesie uit strofe 2 aan.

_____ (1)

12.2 Verduidelik die betekenis van sinestesie.

_____ (2)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

13.	Watter antwoord is **NIE** korrek nie? 'n "**gesang**" in versreël 5, is 'n • liefdesliedjie • 'n danklied • 'n pryslied _____	(1)
14.	Die skoolgang het 'n houtvloer. Haal uit die gedig aan om te bewys dat hierdie stelling **ONWAAR** is. _____	(1)
15.	Haal **EEN** woord uit strofe 2 aan wat beteken dat die onderwyser nie kan glo dat sy nie haar skooldae kan onthou nie. _____	(1)
16.	Die onderwyser het ook gekla oor sekere dinge toe sy op skool was. Haal uit die gedig aan om te bewys dat hierdie stelling **WAAR** is. _____ _____	(1)
17.	Na watter **DRIE** skoolvakke word daar in die gedig verwys? _____	(3)
18.	Verduidelik waarna versreëls 25 en 26 verwys. **"kom ons pars die wind** **met wange soos soldaatjies"** _____ _____	(2)
19.	Verduidelik die betekenis van versreëls 27 en 28. **"totdat elkeen net die geur** **van jasmyn kan boekmerk"** _____ _____	(2)
20.	Noem die rymskema van die gedig. _____	(1)
21.	Twee soorte leestekens word wel gebruik. 21.1 Noem die twee leestekens wat in die gedig gebruik word. _____ 21.2 Wat is die funksie van hierdie twee leestekens? _____ _____	(2) (2)
22.	22.1 Wat, dink jy, is die boodskap van hierdie gedig? _____ 22.2 Wat gebruik die digter om die boodskap van die gedig te beklemtoon? _____	(1) (1)
		[42]

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



Pryslied — *Antjie Krog*

DIE TITEL - *THE TITLE*

Die titel, "pryslied", beteken dat iemand vereer of geprys word. In hierdie gedig is dit 'n pryslied vir Nelson Mandela. Die pryslied is aan Nelson Mandela gedurende sy inhuldiging as president op 10 Mei 1994 opgedra. In die pryslied word die biografie van die persoon weergegee.

The title, "Pryslied" (Song of praise) tells us that someone is being praised and honoured. This poem is a praise song for Mandela. It was dedicated to him during his inauguration as president on May 10th 1994. The song praises his character and his deeds.

DIE TEMA - *THE THEME*

Verering van Nelson Mandela - *Tribute to Nelson Mandela*

STEMMING - *MOOD*

Lofprysing - *Tribute*

DIE BOU - *THE STRUCTURE*

UITERLIKE BOU - *EXTERNAL STRUCTURE:*

- Die gedig bestaan uit vier strofes.
  The poem consists of four stanzas.
- Dit is 'n vrye vers, want
  It is in free verse, because
  - die gedig het geen vaste rymskema nie,
    the poem has no set rhyming pattern,
  - reëllengtes verskil,
    length of lines differ,
  - min leestekens word gebruik.
    very few punctuation marks are used.

INNERLIKE BOU - *INTERNAL STRUCTURE:*

Daar is progressie in die gedig, want
There is progression in the poem, as

- die gedig begin deur na die standbeeld te verwys en beskryf Mandela se uiterlike voorkoms en kenteken;

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

it starts by referring to his statue and describes Mandela's life from beginning to end,

- **daarna gaan dit oor na sy rol as vryheidsvegter, "swart pimpernel" van Umkhonto weSizwe**
  then the song describes his role as a freedom fighter, the **"swart pimpernel"** *of Umkhonto weSizwe,*
- **en die laaste strofe beskryf sy rol as vredemaker in Suid-Afrika.**
  and the last stanza follows his life as peacemaker in South-Africa.

WAT SÊ DIE GEDIG? - *WHAT DOES THE POEM SAY?*

Strofe 1 - Stanza 1


Pryslied	*Praise song*
1 in die sandkliphart	1 *in the sandstone heart*
2 vandag	2 *today*
3 staan hy	3 *he stands*
4 kop en skraal skouers staan hy bo almal uit	4 *head and slender shoulders he stands out above everybody*
5 houtskool en as is sy hare	5 *charcoal and ash is his hair*
6 hy, die sandkleurige seun van uNosekeni	6 *he, the sand coloured boy from uNosekeni*
7 uNosekeni die ma van Mandela	7 *uNosekeni the mother of Mandela*
8 hy, die man met die vlesige palmkussings	8 *he, the man with the fleshy palms*
9 hier staan hy	9 *here he stands*
10 uit die gevestigde familie van uNgubengcuka	10 *(come) from the established family of uNgubengcuka*
11 die seun van Dalindyebo	11 *the son of Dalindyebo*
12 die seun van Mandela	12 *the son of Mandela*
13 hy van die rivieroewers by iNqunu	13 *he from the river banks of iNqunu*
14 heelmaker uit die Thembu-stam	14 *healer out of the Thembu clan*
• Die gedig is geskryf as 'n pryslied vir Mandela.	• *The poem is a praise song for Mandela.*
• Die sandkliphart verwys na die Uniegebou in Pretoria.	• *The sandstone heart is a reference to the union buildings in Pretoria.*
• Versreëls 2 tot 3 verwys na die inhuldiging van Nelson Mandela as president op 10 Mei 1994.	• *Lines 2 to 3 refer to his inauguration as president on 10 May 1994.*
• Mandela se standbeeld word beskryf.	• *A description of Mandela's statue.*
• Versreëls 4 tot 6 en 8 gee sy fisieke beskrywing.	• *Lines 4 to 6 and 8 describe his physical appearance.*
• Hy is lank en skraal en staan letterlik en figuurlik bo almal uit.	• *He is tall and slender and towers over everybody else both literally and figuratively.*
• Versreël 5 verwys na sy hare wat grys word.	• *Line 5 refers to his greying hair.*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

- In versreël 6 val die klem op die **"hy"** gevolg deur die komma. Die **"hy"** word herhaal in versreëls 8, 13, 17, 20, 26, 28, 29 en 30.
- In versreël 6 is daar **s**-alliterasie.Die **"sandkleurige seun"** verwys na sy ligte velkleur.
- Mandela se ma se naam was Nosekeni.
- Inkeping van versreël 7 gevolg deur die **m**-alliterasie. Daar is 'n herhaling van die vorige versreël vir beklemtoning.
- Die woorde **"vlesige palmkussings"** verwys na sy sagte hande. Dit het ook 'n figuurlike betekenis wat daarop dui dat hy met sagmoedigheid sake hanteer het.
- Versreël 9 is 'n herhaling van versreël 3 met die byvoeging van die woord **"hier"**.
- Versreëls 10 tot 12 verwys na Mandela se voorgeslagte.
- uNgubengcuka was Mandela se oupagrootjie.
- Dalindyebo was Mandela se voog.
- iNqunu is die naam van die plek waar hy grootgeword het. (Versreël 13)
- Hy het aan die Thembu-stam behoort en is as heelmaker vereer. Die woord **"heelmaker"** word in versreël 29 herhaal en dui daarop dat hy 'n verdeelde volk weer **"heel"** gemaak het.

- *In line 6 the emphasis falls on **'he'** followed by a comma. **'He'** is repeated in lines 8, 13, 17, 20, 26, 28 29 and 30.*
- *In line 6 there is **s**-alliteration. 'Sandstone' is the colour of his complexion.*
- *Mandela's mother's name was Nosekeni.*
- *Indentation of line 7 followed by the **m**-alliteration. There is a repetition of the previous line for emphasis.*
- *The fleshy palms imply that he had soft hands. In a figurative sense it means that he handled matters carefully.*
- *Line 9 is a repetition of line 3 with the addition of the word **'here'**.*
- *Lines 10 to 12 refer to Mandela's ancestors.*
- *uNgubengcuka was Mandela's great grandfather.*
- *Dalindyebo was Mandela's guardian.*
- *iNqunu is the place where he grew up. (Line 13)*
- *He belonged to the Thembu clan and was honoured as a healer. The word **healer** is repeated in line 29. The implication is that he healed a nation that was torn asunder.*



Woorde om te onthou:	Words to remember:
sandkliphart	sandstone heart
houtskool	charcoal
as	ash
sandkleurig	sandstone
vlesige palms	fleshy palms
heelmaker	healer

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Strofe 2 - Stanza 2

15 'n klein swart ster priem sy bolip	15 *a small black star pierces his lip*
• Strofe 2 bestaan slegs uit een versreël. • "'n klein swart ster", verwys na die moesie op sy lip.	• *Stanza 2 consists of one line only.* • "'n klein swart ster" *(a small black star), refers to the mole on his lip.*

Strofe 3 - Stanza 3

16 ons prys hom 17 hy wat nie lag nie en nie huil nie 18 eerste ratelaar van Umkhonto we Sizwe 19 die swart pimpernel 20 hy wat nie lag nie en ook nie huil nie	*16 we praise him* *17 he who neither laughs nor cries* *18 first rattler/shaker of Umkhonto we Sizwe* *19 the Scarlet pimpernel* *20 he who neither laughs nor cries*
• Versreël 16 sluit aan by die titel. • Versreël 17 impliseer dat Mandela altyd waardig was. • Versreël 18 verwys na Mandela as aanvoerder van Umkhonto we Sizwe. Die woord, **"ratelaar"**, is 'n metafoor en kan daarop dui dat hy rateltaai was deur dinge te laat gebeur en hy het mense laat wakker skrik.	• *Line 16 compliments the title.* • *Line 17 implies that Mandela was always dignified.* • *Line 18 refers to the period when Mandela was the leader of Umkhonto we Sizwe. The word* **"ratelaar"** *is a metaphor and refers to his toughness and ability to 'rattle cages' to wake people up.*



Woorde om te onthou:	*Words to remember:*
prys	*praise*
eerste ratelaar	*first leader*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

21 hier staan hy dan nou voor ons
22 Nelson Rolihlahla Mandela
23 getrokke tak van lank gelede
24 die sleepsel van sy blare lê wyd
25 legendaries is hy - opspoorder van harte
rymskema en soorte rym:	*pattern of rhyme*	Dit verwys na rymende woorde aan die einde van versreëls, bv. paarrym - aabb. *It refers to rhyming words at the end of lines, eg. masculine rhyme - aabb.* Binnerym is wanneer 'n woord aan die einde van 'n versreël met 'n woord in die middel van die reël rym, bv. "In die kunsklas word jou pen 'n mas." *Internal rhyme is when a word at the end of a line rhymes with a word in the middle of a line, eg.* "In die kunsklas word jou pen 'n mas."
wending	*turn*	Die woord **"maar"** dui gewoonlik 'n wending aan. *The word,* **"maar"** *(but) usually indicates a turn in thought.* **Versreël 11: - *Line 11:*** **"maar** eenkant, alleen, onder 'n boom"

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from edurescourceza.com

KONTEKSTUELE VRAE

1.	Watter woord in die titel sê vir ons dat die kind nie vantevore in die klas was nie.	(1)
2.	Kies die **KORREKTE** antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer neer. 'n Strofe van vier versreëls staan as 'n ... bekend. A oktaaf B tersine C koeplet D kwatryn	(1)
3.	Na watter sintuig word in versreël 1 verwys?	(1)
4.	4.1 Kies die **KORREKTE** antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer. In versreël 1 word die woord **"pen"** as 'n **(selfstandige naamwoord / werkwoord)** gebruik.	(1)
	4.2 Dit beteken hulle **(nael / skryf)** hom met hulle oë vas.	(1)
5.	5.1 Kies die **KORREKTE** antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer neer. In strofe 1 word die woord, **"óns"**, as 'n ... gebruik A werkwoord B selfstandige naamwoord C besitlike voornaamwoord D persoonlike voornaamwoord	(1)
	5.2 Wat suggereer die klem op die **"óns"**?	(1)
6.	6.1 Wat word in strofe 1 oor die nuwe kind se voorkoms gesê?	(1)
	6.2 Watter afleiding kan ons oor die kind se gedrag in strofe 1 maak?	(1)

Downloaded from edurescourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

7.	7.1 Watter soort rym word in die gedig gebruik? 7.2 Dink jy die gebruik van hierdie soort rym in die gedig is funksioneel?	(1) (1)
8.	8.1 Wat is die nuwe kind in die gedig se naam? 8.2 Verduidelik die politieke assosiasie wat die naam en van inhou.	(1) (4)
9.	Haal **EEN** woord aan wat daarop dui dat die nuwe kind trots op sy herkoms kan wees.	(1)
10.	Hector Sobukwe is voor op die wa. Verduidelik waarom hierdie stelling **ONWAAR** is.	(1)
11.	11.1 Watter ooreenkoms is daar pouses tussen hom en die ander kinders? 11.2 Wat is ironies omtrent die bogenoemde inligting?	(1) (1)
12.	Wat is die funksie van die woordjie, **"maar"**?	(1)
13.	13.1 Watter emosie ervaar hy in versreël 11? 13.2 Hoe word die emosie beklemtoon?	(1) (1)
14.	Wat doen hy wanneer hy onder die boom gaan staan?	(1)
15.	Kies die **KORREKTE** antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer. In versreël 13 word die woord, **"pen"**, as 'n **(selfstandige naamwoord / werkwoord)** gebruik.	(1)
16.	Noem 'n simbool wat in die laaste strofe gebruik word en verduidelik wat die simbool beteken.	(2)

Downloaded from eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

17.	Watter kontras is daar in die betekenis van "pen" in versreël 1 en "pen" in versreël 13?	(2)
18.	Waarom kan ons sê dat hierdie gedig 'n universele tema het?	(1)
		[30]




Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



By die robot in Eerstelaan



Marita van Aswegen

DIE TITEL - *THE TITLE*

- **Die titel sê presies waar die gebeure plaasvind – by die verkeerslig in Eerstelaan.**
  The title tells us exactly where the events take place - at the traffic lights in Eerstelaan.
- **Die titel van die gedig, "By die robot in Eerstelaan", kan twee verskillende betekenisse hê.**
  The title of the poem, **"By die robot in Eerstelaan"** *(At die robot in Eerstelaan), is understood to have two meanings.*
  - **Die letterlike betekenis: By die robot (verkeerslig) – 'n beskrywing van die gebeure by die robot (verkeerslig) in Eerstelaan.**
    The literal meaning: **"By die robot in Eerstelaan"** *(At the robot in Eerstelaan) - describes events that take place at the robot (traffic lights) in Eerstelaan.*
  - **Die figuurlike betekenis: woordspeling – woordspeling wat op twee betekenisse dui: "By die robot in Eerstelaan" – verwys na die blinde man wat rondgelei word. (Hy is soos 'n robot wat rondgelei word).**
    The figurative meaning: A play on words, a pun (wordplay) that suggests two meanings: **"By die robot in Eerstelaan"** *(At the robot in Eerstelaan) - refers to the blind man who is being led around. (He is like a programmed robot).*
- **Ons lei af dat die spreker self gesien het wat by die verkeerslig gebeur.**
  We may suppose that the speaker has experienced such events at traffic lights.
- **Omdat dieselfde gebeure by ander verkeersligte plaasvind, kan die straat, "Eerstelaan", simbolies van ander soortgelyke plekke wees.**
  As similar situations take place at many other traffic lights, the name of the street, Eerstelaan, symbolises one place of many suchlike places.

TEMA - *THEME*

- **Die afhanklikheid van ander se genade –**
  Dependence on the mercy of others

DIE STEMMING - *THE MOOD*

- **Neerdrukkend** - *Depressing*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

DIE BOU - *THE STRUCTURE*

UITERLIKE BOU - *EXTERIOR STRUCTURE:*

- **Die gedig bestaan uit agt strofes, vier versreëls elk.**
  The poem consists of eight stanzas, four lines each.
- **Al die strofes het paarrym, behalwe strofe 6 wat kruisrym het.**
  All the stanzas have masculine rhyme, except for stanza 6 which has cross rhyming.
- **Die gedig het vaste ritme.**
  The poem has a set rhythm.
- **Elke versreël vertel iets van die lewe van die blinde man.**
  Each line tells a bit of the story of the blind man.
- **Alliterasie en assonansie help om die versreëls te bind.**
  Alliteration and assonance help to structure the lines.
- **Die uiterlike bou laat die leser voel wat die blinde bedelaar ervaar - wat hy elke dag doen (bedel), dat hy afhanklik van ander se genade is om te oorleef.**
  The external structure informs the reader of the blind man's daily occupation - begging - and shows that the beggar is dependent on the mercy of others for his survival.

INNERLIKE BOU - *INTERNAL STRUCTURE:*

- **Die inhoud van die gedig lig die leser in hoe die dag verloop.**
  The contents of the poem inform the reader of the day's progress.

ATMOSFEER - *ATMOSPHERE*

Daar is **progressie** in die verloop in die tyd en gebeure:
*There is **progression** in the course of time and train of events.*

- **Versreël 1: Die tsotsi lei die blinde - hulle loop.**
  Line 1: *The tsotsi leads the blind man - they walk.*
- **Versreël 5: Die robot word rooi en die verkeer hou stil.**
  Line 5: *The traffic light turns red and the traffic comes to a halt.*
- **Versreël 15: Die robot word groen en die verkeer ry.**
  Line 15: *The traffic light turns green and the traffic moves.*
- **Versreël 19: Die robot word rooi en die verkeer hou stil.**
  Line 19: *The traffic light turns red and the traffic comes to a halt.*
- **Versreël 21: Iemand draai 'n ruit oop.**
  Line 21: *Someone winds down a car window.*
- **Versreël 25: 'n Vrou, gooi geld in die blinde man se blikkie.**
  Line 25: *A woman, puts money into the blind man's tin.*
- **Versreël 29: As die vrou sien hy is blind, gee sy hom nog geld.**
  Line 29: *When the woman realises he is blind, she gives him extra money.*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

SINTUIGLIKE WAARNEMING - *SENSE-PERCEPTION*

- **Die blinde man ervaar die wêreld deur wat hy kan hoor, ruik, voel en proe.**
  The blind man experiences the world through hearing, smell, touch and taste.
- **Klanknabootsing word gebruik om atmosfeer te skep.**
  Onomatopoeia is used to create atmosphere.
- **Die leser ervaar die omgewing soos die blinde dit ervaar deur wat hy hoor, ruik en voel.**
  The reader experiences the world as the blind man experiences it by hearing, smell and feeling.
- **Die atmosfeer word ook uitgebeeld deur:**
  The atmosphere is portrayed by:
  - **wat die tsotsi doen en sê:**
    what the tsotsi does and says:
    Versreël 9: - *Line 9:* "sy arm word gepluk en geruk en hy skrik"
    Versreël 11: - *Line 11:* "ons beter geld kry, of ek los jou hier,"
    Versreël 12: - *Line 12:* "sis die tsotsi en sy asem ruik na bier"
    Versreël 24: - *Line 24:* "die tsotsi skraap sy keel en spoeg 'n straal"
    Versreël 32: - *Line 32:* "die tsotsi pluk hom aan sy seer arm en lag."
  - **die blinde se emosies, fisiese moegheid en wat hy dink:**
    The blind man's emotions, physical exhaustion and his thoughts:
    Versreëls 2 en 3: "sy arm en nek is so styf en seer"
    ***Lines 2 and 3:* "sy bene so lam van gister se staan"**
    Versreël 13: - *Line 13:* "sy hart klop vinnig soos dié van 'n bang kind"

Strofe 1 - Stanza 1

By die robot in Eerstelaan	*At the robot in First Avenue*
1 twee pare voete girts oor die teer	*1 two pairs of feet scrape over the tar*
• Twee pare voete dui daarop dat daar twee mense op die teerstraat loop. • "Girts" is die klank wat hulle voete op die teerstraat maak - **klanknabootsing**.	• *Two pairs of feet indicate that there are two people walking on the tarred road.* • *"Girts" (scrape) is the sound of their feet on the tarred road - **onomatopoeia (sound-imitation).***

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



Woorde om te onthou:	Words to remember:
twee pare	two pairs
girts	scrapes
teerstraat	tarred road
klanknabootsing (onomatopee)	sound-imitation (onomatopoeia)

2 sy arm en nek is so styf en seer	2 his arm and neck are so stiff and sore
• Die blinde bedelaar se arm en nek is styf en seer. Dit kan die gevolg wees van • die feit dat hy die vorige dag heeldag moes staan en dat sy slaapplek dalk nie gemaklik is nie. • Later in die gedig leer ons dat die tsotsi hom gedurig aan sy arm rondpluk. Hy moet gaan waarheen die tsotsi hom lei. Hy het geen sê nie. • Let op die gebruik van die s-alliterasie, "so styf en seer" om te beklemtoon hoe styf en seer sy arm en nek is.	• *The blind beggar's arm and his neck are stiff and sore. This could be caused by* • *the fact that he was on his feet the whole of the the previous day and that he might not sleep comfortably at night.* • *Later in the poem we learn that the tsotsi constantly pulls and tugs the beggar about by his arm. He is forced to go wherever the tsotsi leads him.* • *Note the use of the s-alliteration - "so styf en seer" to emphasise how stiff and sore his arm and neck feel.*
3 sy bene so lam van gister se staan	***3 his legs are numb from being on his feet the whole of the previous day***
• Omdat die bedelaar die vorige dag so lank moes staan, voel sy bene lam (moeg).	• *Because the beggar has been on his feet all of the previous day, his legs are weary (tired).*
4 ingehaak volg hy gedwee waar hulle gaan	***4 arms linked he follows submissively wherever they're going***
• Dit is duidelik dat die blinde bedelaar die tsotsi gehoorsaam moet volg - hy het nie 'n sê nie. • Die bedelaar kan nie sien nie; dus is hy afhanklik van die tsotsi. • Let op die gebruik van assonansie -	• *It's evident that the blind beggar has to follow the tsotsi obediently - he cannot do otherwise.* • *As he cannot see, he is dependent on the tsotsi.* • *Note the use of assonance - "waar hulle*


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

waar hulle gaan.	gaan"

Strofe 2 - Stanza 2

5 motors se bande knars tot stilstand 6 in die blikkie klingel vyf sent en 'n rand	5 car tyres screech to a halt 6 five sents and a rand clink in a tin
• Die verkeerslig word rooi en die motors hou stil. • Die motors se bande maak 'n skerp, skreeuende geluid wanneer hulle by die verkeerslig tot stistand kom. • Die knarsende bande dui daarop dat 'n bestuurder te vinnig gery het. **"Knars"** boots die geluid wat die bande maak, na – **klanknabootsing**. • Daar is twee muntstukke in die blikkie; vyf sent en 'n rand. **"Klingel"** boots die geluid wat die muntstukke maak as hulle aan mekaar raak, na – **klanknabootsing**. • Alliterasie van die **k**-klank in die strofe: "knars" en "klingel".	• *The traffic light turns red and the cars stop.* • *The cars make a screeching sound when they stop at the traffic light.* • *This is an indication that cars are driven fast.* ***"Knars"*** *imitates the sound of these tyres –* ***onomatopoeia (sound-imitation).*** • *There are two coins in the tin; five cents and a rand.* **"Klingel"** *imitates the sound of coins when they jingle together –* ***onomatopoeia (sound – imitation).*** • *Alliteration of the* ***k****-sound in the stanza:* "knars" *and* "klingel".



Woorde om te onthou:	Words to remember:
styf	stiff
seer	sore
lam	weary
ingehaak	linked
bande	tyres
blikkie	small tin
klingel	"klingel" (jingle)
tsotsi	loafer/gang member
bande	tyres
knars	screech
verkeerslig	traffic light
knarsende	screeching
klanknabootsing	anomatopoeia
blikkie	small tin
muntstukke	coins

7 hy ruik die vis-en-tjipswinkel van eerstelaan 8 hier by die robot waar hy die dag omstaan	7 *he smells the fish and chips shop in eerstelaan* 8 *here at the robot where he stands all day*
• Die bedelaar is heel waarskynlik honger en die geklingel van die geld in die blikkie	• *The beggar is no doubt hungry and the jingling of the money in the tin makes*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

laat hom aan kos dink.
- Hy "**ruik**" die vis en tjips.
- Die blinde man moet die heel dag sonder kos by die verkeerslig staan.
- Dit is duidelik dat die blinde man weet van die vis-en-tjipswinkel.
- Die tsotsi koop blykbaar vir hom vis en skyfies as hulle genoeg geld gebedel het.

- Let op dat die naam van die straat, "**eerstelaan**", nie met 'n hoofletter geskryf word nie. Dit dui daarop dat dit nie 'n spesifieke straat is nie, maar enige ander straat waar soortgelyke gebeure plaasvind, is. Die straat kan dus simbolies wees – universeel.

him think of food.
- *He '**smells**' the fish and chips.*
- *The blind man has to stand at the traffic light all day without food.*
- *He is aware that there is a fish shop in the area.*
- *Perhaps the tsotsi buys him fish and chips if they have made enough money by begging.*
- *Note that the name of the street, "**eerstelaan**", is not written with a capital letter. This is an indication that it's not any specific street, but that it's a generic name for any street where similar situations occur. The street is thus symbolic – universal.*



Woorde om te onthou:	Words to remember:
ruik	*smells*
skyfies	*chips*
robot/verkeerslig	*robot/traffic light*
omstaan	*stand about*

Strofe 3 – Stanza 3

9 **sy arm word gepluk en geruk en hy skrik**	9 ***his arm is being pulled and tugged and he gets a fright***
10 **toe sy voet dom oor 'n pyp eenkant toe swik**	10 ***when his foot stupidly trips over a pipe***
• Dit is duidelik dat die tsotsi die blinde man sleg behandel. • Die blinde man skrik as hy lomp oor 'n pyp struikel en amper eenkant toe val as gevolg van die geruk en pluk aan sy arm – **enjambement** (Versreël 9 loop oor na versreël 10. Die twee versreëls word gaan saam gelees.	• *It's clear that the tsotsi treats the blind man very badly.* • *The blind man gets a fright when he stupidly trips over a pipe and nearly falls down, because of being jerked around by his arm - **enjambment** (Line 9 continues into*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Dit maak die gedig vloeiend, veral omdat dit beweging beskryf). • **Polisindeton** en **rymwoorde** beklemtoon hoe die tsotsi die blinde man mishandel. **Polisindeton:** **"sy arm word gepluk en geruk en hy skrik"** **Rymwoorde: "gepluk"; "geruk".**	*line 10. The two lines therefore get read as one. It helps the flow of the poem, especially as it describes movement).* • ***Polysyndeton** and **rhyming** words emphasise the tsotsi's ill-treatment of the blind man.* ***Polysyndeton:*** **"sy arm word gepluk en geruk en hy skrik"** ***Rhyming words:*** **"gepluk"; "geruk".**

Strofe 4 - Stanza 4

11 **"ons beter geld kry, of ek los jou hier,"** 12 **sis die tsotsi en sy asem ruik na bier**	*11 **best we get money, or I'll leave you here,"*** *12 **hisses the tsotsi and his breath smells of beer***
• Die tsotsi dreig om die blinde man daar te los as hulle nie meer geld kry nie. • Die tsotsi se optrede teenoor die blinde man is baie ongevoelig en hardhandig. • **"Sis"** word baie effektief gebruik, want dit is die geluid wat 'n slang maak. Slange **"sis"**; dus klink die woord gevaarlik omdat baie mense bang is vir slange. • Die tsotsi se asem wat na bier ruik, dui aan dat hy gedrink het. Waarskynlik gebruik hy van die geld wat hulle kry om drank mee te koop. • Die blinde man **hoor** en **ruik** die tsotsi.	• *The tsotsi threatens to abandon the blind man at the traffic lights if they don't get more money.* • *The tsotsi's treatment of the blind man is unfeeling and harsh.* • ***"Sis" (hiss)** is used very effectively. Snakes hiss, so the word sounds dangerous as many people are frightened of snakes.* • *The tsotsi's breath smells of beer, indicating that he has been drinking. He no doubt uses some of the money that they make to buy liquor.* • *The blind man **hears** and **smells** the tsotsi.*


Strofe 4 - Stanza 4

13 **sy hart klop vinnig soos dié van 'n bang kind** 14 **hoe sal hy weer sy lêplek van hier af kan vind?**	*13 **his heart beats fast like that of a frightened child*** *14 **how will he find the place where he sleeps from here?***
• Die blinde man se hart klop so vinnig **soos** 'n bang kind s'n. **(Vergelyking)** • Net soos 'n kind, is die blinde man afhanklik	• *The blind man's heart beats very fast; just like that of a frightened child. **(Simile)*** • *The blind man is dependant on the*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

van die tsotsi om hom weer na sy lêplek terug te neem. • Hy is bang, want sonder hulp sal hy nie sy lêplek kan vind nie.	*tsotsi to take him back to the place where he ssleeps.* • *He's scared, because he won't be able to find the place on his own.*
15 **die verkeerslig klik en die enjins brul saam** 16 **sy dowwe oë bewend opwaarts geslaan**	*15 **the traffic light** "klik" (clicks) and the **engines** "brul" (roar) together* *16 **his lifeless eyes gaze upwards, trembling***
• Die verkeerslig **"klik"** is weer 'n effektiewe voorbeeld van **klanknabootsing**. • Wanneer die verkeerslig na groen verander, **"brul"** die enjins van die motors as hulle begin beweeg - **klanknabootsing**. • Die blinde man kyk met bewende oë op asof hy hulp uit die hemel vra. **"Bewend"** dui aan dat hy baie bang is. • Die **w**-alliterasie en **aa**-assonansie in versreël 16 beskryf hoe die blinde ná die dreigement voel. • Versreëls 13, 14 en 16 beskryf die blinde se vrees ná die tsotsi se dreigement.	• *The traffic light **"klik"** is once again a very effective example of **onomatopoeia**.* • *When the traffic light turns green, the engines of the cars **"brul"** (roar) as they pull off together - **onomatopoeia**.* • *The blind man looks up with trembling eyes as if he's asking for help from above. **"Bewend"** indicates that he's very scared.* • *The **w**-alliteration and **aa**-assonance in line 16 describe how the blind man feels after the tsotsi's threat.* • *Lines 13, 14 and 16 describe the blind man's fear after the tsotsi's threat.*



Woorde om te onthou:	*Words to remember:*
los	*leave*
sis	*hiss*
asem	*breath*
ruik	*smell*
hart klop	*heart beats*
vind	*find*
verkeerslig	*traffic lights*
brul	*roar*
dowwe	*dull*
bewend	*trembling*
opwaarts	*upwards*

Strofe 5 - Stanza 5

17 **trieng, trieng lui 'n fiets se klokkie** 18 **hy buk af en trek aan sy stukkende sokkie**	*17 **"trieng, trieng" a bicycle bell rings*** *18 **he bends down and pulls up his worn out sock***
• Die strofe begin met 'n geluid. Dit is 'n	*The stanza starts with a sound. This is*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

voorbeeld van **inversie**. Die woordorde is omgekeer om die geluid wat die blinde hoor, te beklemtoon.

- Die gelui van 'n fiets se klokkie word effektief beskryf deur **klanknabootsende woorde, "trieng, trieng"**.
- Die blinde man buk en hy trek aan sy stukkende sokkie (kous).

an example of inversion. The word order is inverted in order to emphasise the sound that the blind man hears.

- *The ringing of a bicycle's bell is effectively described by sound-imitating words, **"trieng, trieng"**.*
- *The blind man bends down and pulls up his worn out old sock.*



Woorde om te onthou:	*Words to remember:*
trieng, trieng	*tring, tring*
lui	*ring*
buk af	*bends down*
trek	*pulls*
stukkende	*torn*
sokkie	*sock*

19 **die verkeerslig klik en bande skuur oor teer**

20 **sy arm en skouer is so styf en so seer**

19 *the traffic light* **"klik"** *(clicks) and tyres* **"skuur"** *(screech) over tar*

20 *his arm and shoulder are so stiff and so sore*

- Die verkeerslig **"klik" – klanknabootsing**. Die bande wat oor die teer **"skuur"**, dui daarop dat die lig na rooi verander het, want die bande maak 'n skuurgeluid as die motors remme aanslaan.
- In versreël 2 word daar na sy seer arm en nek verwys, terwyl daar in versreël 20 ook na sy seer arm en skouer verwys word. Die **herhaling** van die verwysing na sy stywe, seer arm, bevestig sy aanhoudende pyn en ongemak. Dit word beklemtoon deur die **s**-alliterasie in versreël 20 – **"sy arm en skouer is so styf en seer"**.
- Die pyn word heel waarskynlik veroorsaak deur:
  - die rondplukkery aan sy arm deur die tsotsi,
  - sy lêplek wat ongemaklik is.

- *The traffic lights* **"klik"** *– **sound-imitation**. The tyres* **"skuur"** *(screech) over tar indicating that the traffic light has changed to red, because tyres **"skuur"** (screech) when vehicles come to a hurried halt.*
- *In line 2 reference is made to his sore arm and neck, and in line 20 reference is made again to his sore arm and shoulder. The **repetition** of the reference to his sore arm, confirms his constant pain and suffering. This is emphasised by the **s**-alliteration in line 20 –* **"sy arm en skouer is so styf en seer"**.
- *The pain is most probably caused by:*
  - *the tsotsi pulling and tugging at his arm,*
  - *his uncomfortable sleeping quarters.*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



Woorde om te onthou:	Words to remember:
verkeerslig	traffic light
klik	clicks
bande	tyres
skuur	scrape/screech
teer	tar
skouer	shoulder
styf	stiff
seer	sore

Strofe 6 - Stanza 6

21 'n motorruit tjier af en ver weg dreun 'n bus	21 a car window "tjier" (scratchily) winds down and a bus "dreun" (rumbles) along in a distance
22 as die dood hom tog net wil kom haal	22 if only death would come and take him away
23 dan kan hy vir ewig en altyd rus	23 he could rest forever and ever
24 die tsotsi skraap sy keel en spoeg 'n straal	24 the tsotsi clears his throat and spits
• 'n Motorruit word afgedraai. **"Tjier"** klink soos die geluid wat 'n stram motorruit, wat afgedraai word, maak – **klanknabootsing** en 'n bus **"dreun"** in die verte – **klanknabootsing**.	• A car window gets wound down. **"Tjier"**, in Afrikaans, sounds like a stuck car window being wound down – ***onomatopoeia***. In a distance the **"dreun"** (rumbling) of a bus can be heard - ***onomatopoeia***.
• Versreëls 22 en 23 beskryf die blinde se emosies en gevoelens. Die blinde man wil liewer dood wees, dan is hy weg van sy ellendige lewe en kan vir ewig rus.	• Lines 22 and 23 describe the blind man's emotions and feelings. The blind man wishes he were dead. He would be rid of all his troubles and be able to rest forever and ever.
• Die tsotsi maak sy keel skoon – **"skraap"**. Dalk wil hy die motoriste se aandag trek. Dan spoeg hy. Die spoegery dui daarop dat hy baie kru is.	• The tsotsi clears his throat – **"skraap"**. He may wish to draw the motorist's attention. Then he spits out onto the pavement, showing a sorry lack of good manners.
• Die kru optrede van die tsotsi (spoegery vir almal om te sien), staan in kontras met die broosheid van die blinde man.	• The crude behaviour of the tsotsi (spitting in public), stands in contrast of the fragility of the blind man.

Strofe 7 - Stanza 7

25 geld klingel in die blikkie en lê dan stil	25 money "klingel" (jingles) in the tin and then is silent
26 die duiwe koer en 'n kindjie jil	26 the doves coo and a little child shouts
27 "mammie hy's blind," piep 'n dogtertjie sag	27 "mommy he's blind," a little girl says softly
28 hy draai sy kop skuins en hy wag	28 he turns his head to the side and waits

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


• Die gebeure word nie beskryf nie, maar ons leer wat gebeur deur dít wat die blinde man hoor. • Hy hoor die geld wat in die bedelblikkie gegooi word, **"klingel"** en dan gaan lê dit stil in die blik. Let weer op die gebruik van die **klanknabootsende** woord, **"klingel"**. • Die blinde hoor duiwe koer en 'n kindjie wat **"jil"**. • Die blinde man hoor 'n dogtertjie saggies vir haar ma sê dat hy blind is. • Die blinde man weet dat die ma vir hom **nog** geld gaan gee; daarom draai hy sy kop skuins en **"wag"**.	• *Events are not described, but we learn of them by reading about what the blind man hears.* • *He hears the money which is put in the tin* **"klingel"** *(jingle) before it settles down in the tin. Note the use of the* ***sound-imitating*** *word,* **"klingel"**. • *The blind man hears doves coo and a child* **"jil"** *(calls out playfully).* • *The blind man hears a little girl quietly telling her mother that he is blind.* • *The blind man knows that the mother is going to give him* ***more*** *money, therefore he turns his head aside and waits -* ***"wag"***.

Strofe 8 - Stanza 8

29 **"hier is nog tien rand," sê die vrou** 30 **koop vir jou iets om aan te kou"** 31 **die verkeerslig klik en hy hou aan met wag** 32 **die tsotsi pluk hom aan sy seer arm en lag**	*29* ***"here's another ten rand," says the woman*** *30* ***buy yourself something to eat*** *31* ***the traffic lights "klik" (click) and he carries on waiting*** *32* ***the tsotsi jerks him around by his sore arm and laughs***
• Die vrou voel blykbaar jammer vir die man omdat hy blind is en gee hom **nog** tien rand. Sy sê hy moet kos koop. • Die verkeerslig **"klik"** weer - verander na groen. Die blinde man wag nog. Die tsotsi pluk hom aan sy seer arm en lag. • Dit is ironies dat die vrou sê die geld is om kos mee te koop, want die honger, blinde man hoor die tsotsi lag. Hy weet die tsotsi gaan die geld vir homself hou.	• *The woman most probably feels sorry for the beggar because he is blind. She gives him* ***another*** *ten rand. She tells him to buy something to eat.* • *The traffic lights* **"klik"** *(click) again and change to green. The blind man carries on waiting. The tsotsi jerks him around by his sore arm and laughs.* • *It's ironic that the woman says the money is for food, because the hungry, blind man hears the tsotsi laughing. He knows the tsotsi is going to keep the money for himself.*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



Woorde om te onthou:	Words to remember:
motorruit	car window
dreun	roars
kom haal	fetch
vir ewig en altyd	forever and ever
keel	throat
spoeg	spits
klingel	jingle
blikkie	small tin
duiwe	doves
koer	coo
jil	playful cry
piep	talks in a soft voice
wag	waits
nog	more
koop	buy
kou	chew
wag	wait
pluk	jerk

KORTLIKS WAAROOR DIE GEDIG GAAN -
A BRIEF OUTLINE OF THE POEM'S CONTENT

- 'n Blinde man word deur 'n tsotsi (waarskynlik 'n bendelid) misbruik.
  A blind man is being abused by a tsotsi (who is perhaps a gang member).
- Die blinde man word deur 'n tsotsi gedwing om te bedel.
  The blind man is forced by a tsotsi to beg.
- Die blinde man is afhanklik van die tsotsi wat hom na die verkeerslig lei om te bedel.
  The blind man is dependent on the tsotsi who leads him to the traffic lights to beg for money.
- Die tsotsi behandel die blinde man baie hardhandig en die tsotsi hou waarskynlik die grootste gedeelte van die bedelgeld vir homself. Versreël 12 – "sis die tsotsi en sy asem ruik na bier" suggereer dat die tsotsi die blinde man sleg behandel en dat hy van die geld vir drank gebruik.
  The tsotsi treats the blind man very roughly and most probably keeps the bigger share of the money for himself. Line 12 – **"sis die tsotsi en sy asem ruik na bier"** *tells us that the tsotsi ill-treats the blind man and that he keeps some of the money to buy liquor.*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

- **Die blinde maak op klanke en geluide wat hy hoor, staat. Hy moet sy donker wêreld deur na klanke en geluide te luister, leer ken; dus is die gebruik van klanknabootsing funksioneel.**
  The blind man depends on his hearing to get by. He must get to know his dark world by listening to sounds and noises, therefore the use of onomatopoeia is functional.
- **Die blinde man word gedreig dat hy nie na sy lêplek teruggeneem sal word as hy nie genoeg geld bedel nie. "Lêplek" dui daarop dat die blinde man nie 'n huis het nie.**
  The tsotsi threatens the blind by saying **'ons beter geld kry of ek los jou hier."** *– 'we'd better get money, or I'll leave you here'.* **"Lêplek"** *indicates that the blind man is homeless.*
- **Al sy geld, of 'n groot deel daarvan, word deur hierdie bendelid gehou.**
  All his money, or a big share of it, is kept by this gangster.
- **Dit is duidelik dat die spreker simpatiek teenoor die blinde bedelaar voel – Versreël 8: "hier by die robot waar hy die dag omstaan".**
  It's evident that the poetic voice sympathises with the blind beggar – Line 8: **"hier by die robot waar hy die dag omstaan"** *(here at the robot where he spends the whole day standing).*
- **Die gedig maak gebruik van paarrym wat in kwatryne saamgevoeg word.**
  Masculine rhyme is used and each stanza is a quatrain.
- **Die afwesigheid van hoofletters beklemtoon die eenvoud en nietigheid van die blinde man se lewe.**
  The absence of capital letters emphasises the simplicity and insignificance of the blind man.

BEELDSPRAAK EN LITERÊRE BEGRIPPE – *METAPHORIC LANGUAGE AND LITERARY TERMS*

		Voorbeelde – *Examples*
alliterasie	*alliteration*	**Versreël 2: – Line 2:** "styf en seer" Alliterasie is die herhaling van konsonante kort na mekaar, verc aan die begin van beklemtoonde lettergrepe. Die funksie van die alliterasie is om te bekelmtoon hoe styf en seer sy arm en nek is. *Alliteration is the repetition of consonants shortly succeedin each other, especially at the beginning of emphasised syllable*
assonansie	*assonance*	**Versreël 6 – *Line 6:*** "in die blikkie klingel vyf sent en 'n rand" **Versreël 4: – *Line 4:*** "ingehaak volg hy gedwee waar hulle gaan" Assonansie is die herhaling van vokaalklanke in dieselfde

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

		Versreël: *Assonance is the repetition of vowel-sounds in the same line.*
enjambement	*enjambment*	**Versreëls 9 en 10: - *Lines 9 and 10:*** **"sy arm word geruk en gepluk** **toe sy voet dom oor 'n pyp eenkant toe swik"** Wanneer een versreël oorloop na die volgende sonder dat daar 'n ruspunt aan die einde van die versreël is, word die twee versreëls aaneen gelees. Dit maak die gedig vloeiend, veral as die gedig oor beweging gaan. Die funksie van die enjambement is om te beklemtoon dat die blinde man struikel as gevolg van die geruk en pluk aan sy arm. *When one line flows into the next line without a full stop at the end of the line, the two lines are read as one. It helps the flow of the poem, especially if the poem is about movement.* *The function of the enjambment is to emphasise that the blind man trips as a result of being jerked around by his arm.* *It is hurried, like the act of tripping and almost falling.*
inversie	*inversion*	**Versreël 17: - *Line 17:*** **"trieng, trieng lui 'n fiets se klokkie"** Die strofe begin met 'n geluid. Dit is omgekeerde woordorde. Die geluid wat die blinde man hoor, word beklemtoon. *The stanza starts with a sound, emphasising the blind man's experience of his world through sound.*
ironie	*irony*	**Versreël 30: - *Line 30:*** **"koop vir jou iets om aan te kou"** Ironie kom voor wanneer die teenoorgestelde gebeur as wat algemeen verwag word. *Irony - when the opposite of what is expected, occurs.*
klanknabootsing	*onomatopoeia*	'n Klank word deur middel van woorde uitgedruk. *A sound is expressed by words.* **Versreël 1: - *Line 1:* "girts"** **Versreël 5: - *Line 5:* "knars"** **Versreël 6: - *Line 6:* "klingel"** **Versreël 12: - *Line 12:* "sis"** **Versreëls 15, 19, 31: - *Lines 15, 19, 31:* "klik"** **Versreël 15: - *Line 15:* "brul"** **Versreël 17: - *Line 17:* "trieng"** **Versreël 19: - *Line 19:* "skuur"** **Versreël 21: - *Line 21:* "tjier"** **Versreël 21: - *Line 21:* "dreun"** **Versreël 26: - *Line 26:* "koer"** **Versreël 26" - *Line 26:* "jil"**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

kwatryn	*quatrain*	**Versreël 27: - *Line 27*: "piep"** Elke strofe bestaan uit vier versreëls. *Each stanza consists of four lines.*
polisindeton	*polysyndeton*	**Versreël 9: - *Line 9:*** **"sy arm word gepluk <u>en</u> geruk <u>en</u> hy skrik"** Woorde en dele van 'n sin word met die woord, **"en"** verbind om die tsotsi se ongeduld met die blinde man te beklemtoon. *Words and parts of a sentence are joined with the word, **"en"**, in order to emphasise the tsotsi's impatience with the blind man.*
progressie	*progression*	Daar is ontwikkeling in die verloop in tyd en gebeure. *The poem moves through time with a chain of events.*
ritme	*rhythm*	**Versreël 9: - *Line 9:*** "sy arm word geruk en gepluk en hy skrik" Eenderse woorde en klanke wat kort na mekaar voorkom, skep ritme. *Similar words or sounds following each other in short succession create a rhythm.*
rymskema	*pattern of rhyme*	Die gedig het paarrym wat in kwatryne saamgevoeg word. *The poem consists of masculine rhyme, joined together in quatrains.* Daar is rymende woorde aan die einde van versreëls wat ons met letters van die alfabet benoem – **paarrym: aabb.** *There are words that rhyme at the end of lines. We use letters to indicate the pattern of rhyme – **masculine rhyme: aabb*** Al die strofes het **paarrym (aabb),** behalwe strofe 6 het **kruisrym (abab).** *All the stanzas have **masculine rhyme (aabb)** except the 6th stanza has **cross rhyme (abab).***
sintuiglike waarneming	*sensory perception*	**Versreël 5: - *Line 5:*** **"motors se bande <u>knars</u> tot stilstand" (hoor)** **Versreël 7: - *Line 7:*** **"hy <u>ruik</u> die vis-en-tjipswinkel van eerstelaan" (ruik)** Beelde word gebruik waar die leser op sy/haar sintuie moet staatmaak om dit te verstaan. *Images encourage the reader to depend on his/her senses.*
universeel	*universal*	Hierdie gebeure is nie net op die karakters en gebeure in dié gedig van toepassing nie. Dit kan met enige persoon, enige tyd en op enige plek in die wêreld gebeur. *The events do not apply only to the characters and events in*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

vergelyking	*simile*	*this poem. They may be experienced by anybody, at any time, anywhere in the world.* **Versreël 13: - *Line 13:*** "sy hart klop vinnig <u>soos</u> dié van 'n bang kind" 'n Mens verbind gewoonlik die verduideliking van iets met die woord **"soos"**, **"asof"** of **"nes"**. *One usually joins a description of something with the word* **"soos"** *(like),* **"asof"** *(as if) or* **"nes"** *(just like).*

KONTEKSTUELE VRAE

1.	Verduidelik watter **TWEE** betekenisse die titel kan hê. _____ _____ _____ _____	(4)
2.	Haal **DRIE** woorde uit strofe 1 aan wat aandui dat daar twee mense wat oor die teer loop, is. _____	(1)
3.	**"ingehaak volg hy gedwee waar hulle gaan"** 3.1 Watter woord in hierdie versreël dui aan dat die blinde man gelei word? _____ 3.2 Haal 'n woord uit die versreël aan wat beteken dat die man wat gelei word nie teëstribbel nie. *(doesn't resist/is demur)* _____	(1) (1)
4.	Verduidelik hoekom ons sê daar is assonansie in versreël 4. _____ _____	(2)
5.	5.1 Skryf 'n voorbeeld van alliterasie in die eerste strofe neer. Onderstreep die klanke en gebruik aanhalingstekens. _____ 5.2 Wat is die funksie van die gebruik van alliterasie? _____	(1) (1)
6.	Wanneer besef ons vir die eerste keer dat die bedelaar blind is? Skryf die versreël neer. _____	(1)
7.	Watter woord in strofe 2 dui aan dat iemand besig is om te bedel? _____	(1)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

8. **"motors se bande knars tot stilstand"** (Versreël 5)
Kies die korrekte antwoord.
Die funksie van die klanknabootsende woord, "knars", suggereer dat
- daar 'n botsing is.
- remme aangeslaan word.
- 'n motorband bars.

_____ (1)

9. **"hy ruik die vis-en-tjipswinkel van eerstelaan"** (Versreël; 7)
9.1 Wat hoor die blinde man wat daartoe lei dat hy die vis-en-tjipswinkel ruik?
_____ (1)

9.2 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.
Die blinde man ruik waarskynlik die vis-en-tjips omdat hy **(honger/styf)** is.
_____ (1)

10. Uit watter versreël in strofe 2 lei ons af dat die spreker simpatiek teenoor die blinde man voel?
_____ (1)

11. In strofe 3 swik die blinde man se voet. Een van die redes dat die blinde man sy voet swik, is sy blindheid. Noem nog 'n moontlike rede.
_____ (1)

12. 12.1 Haal 'n woord uit strofe 3 aan wat daarop dui dat die tsotsi soos 'n slang klink wanneer hy met die blinde man praat?
_____ (1)

12.2 Dit is funksioneel dat die tsotsi soos 'n slang klink as hy met die blinde man praat.
Verduidelik waarom hierdie stelling **WAAR** is.
_____
_____
_____ (2)

13. Waarmee dreig die tsotsi die blinde man in strofe 3?
_____
_____ (2)

14. Hoe weet ons dat die tsotsi drank met die bedelgeld koop?
_____ (1)

15. Kies die korrekte antwoord.
"sy hart klop so vinnig soos dié van 'n bang kind" (Versreël 13), is
- klanknabootsing
- personifikasie
- 'n vergelyking

_____ (1)

16. Hoekom is die blinde man so bang in strofe 4?
_____ (1)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

17.	Haal **VIER** woorde aan wat suggereer dat die verkeerslig na groen verander in strofe 4?	(1)
18.	Verduidelik die moontlike betekenis van: 18.1 **"sy dowwe oë bewend opwaarts geslaan"** (Versreël 16) 18.2 Hoekom is hierdie beskrywing van sy oë funksioneel?	(1) (1)
19.	**"sy arm en skouer is so styf en seer"** (Versreël 20) 19.1 Watter vorm van beeldspraak word gebruik? 19.2 Wat is die funksie van die beeldspraak wat gebruik word? 19.3 In watter ander versreël word hierdie woorde amper woord vir woord herhaal? Skryf slegs die nommer van die versreël neer.	(1) (1) (1)
20.	In versreëls 12 en 24 herinner die optrede van die tsotsi ons aan dié van 'n slang. Haal uit strofe 3 en 6 aan om te bewys dat hierdie stelling **WAAR** is.	(2)
21.	Haal 'n versreël aan waaruit jy kan aflei dat die tsotsi die blinde man geen genade en rus gun nie.	(1)
22.	22.1 Deur watter twee sintuie ervaar die blinde man sy donker wêreld? 22.2 Haal twee versreëls aan om jou antwoord in 22.1 te bewys.	(2) (1)
23.	Watter woord in strofe 8 dui aan dat die vrou alreeds vir die blinde man geld gegee het?	(1)
24.	Pas die stelling in kolom B by die regte rede in kolom A.	

A	B
1 Die verkeerslig verander na rooi. (Versreël 5)	A Die **bande skuur** oor die teer.
2 Die verkeerslig verander na groen. (Versreël 15)	B Die **bande** van die motors **knars**.
3 Die verkeerslig verander na rooi. (Versreël 19)	C Die **enjins brul** saam.

1 = _____; 2 = _____; 3 = _____ (3)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

25. Watter soort rym word in hierdie gedig gebruik?

_____ (1)

26. Pas die aanhaling in **kolom B** by die regte stylmiddel in **kolom A**.

A	B
1 alliterasie	A "**sis** die tsotsi en sy asem ruik na bier"
2 assonansie	B "**sy arm word geruk en pluk toe sy voet dom oor 'n pyp eenkant toe swik**"
3 klanknabootsing	C "sy hart klop so vinnig **soos** dié van 'n bang kind
4 enjambement	D "ingehaak volg hy gedwee **waar** hulle **gaan**"
5 vergelyking	E "sy arm en nek is so **s**tyf en **s**eer"

1 = _____; 2 = _____; 3 = _____; 4 = _____; 5 = _____ (5)

27. Waardeur word die nietigheid en eenvoud van die blinde man se lewe beklemtoon?

_____ (2)

[50]



Downloaded from eduresourceza.com